

# **WET**

**Om vir die volhoubare benutting van wilde diere, waterlewe en plante voorsiening te maak; om vir die implementering van die “Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora (CITES)” voorsiening te maak; om vir misdrywe en strawwe vir oortreding van die Wet voorsiening te maak; om voorsiening te maak vir die aanstelling van natuurbewoerders om die bepalings van die Wet te implementeer; om vir die uitreiking van permitte en ander magtigings voorsiening te maak; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Provinsiale Wetgewer van die Noord-Kaap, soos volg:-

## **INDELING VAN DIE WET**

5

### **Artikel**

#### **HOOFSTUK 1**

#### **UITLEG EN WOORDOMSKRYWING**

10

1. Uitleg
2. Uitleg van sekere woorde vir die doeleindes van Hoofstuk 2

#### **HOOFSTUK 2**

#### **VOLHOUBARE BENUTTING VAN WILDE DIERE**

15

##### **Deel 1**

##### **Beperkte Aktiwiteite**

20

3. Beperkte aktiwiteite met betrekking tot spesiaal-beskermdede diere
4. Beperkte aktiwiteite met betrekking tot beskermdede diere

##### **Deel 2**

##### **Jag**

25

5. Jag van beskermdede diere
6. Jagseisoene
7. Jaglisensies
8. Jag van wilde diere bo die daaglikse kwotaperk
9. Verbode jagmetodes of -instrumente
10. Jag met sekere minimum-kaliber vuurwapens
- 30 11. Jag vanaf ‘n openbare pad
12. Jag, ontvangs, besit, verkryging of hantering van ‘n wilde dier
13. Teenwoordigheid van grondeienaars, waarnemers en helpers
14. Skriftelike toestemming deur die grondeienaar
- 35 15. Dokument aangaande skenking, verkoping en verwydering
16. Oordrag van jag- en ander regte



## **HOOFSTUK 6 VOLHOUBARE BENUTTING VAN PLANTE**

- 5 49. Beperkte aktiwiteite met betrekking tot spesiaal-beskernde plante  
50. Beperkte aktiwiteite met betrekking tot beskernde plante  
51. Pluk, ontvangs, besit, verkryging of hantering van inheemse plante  
52. Kwekerypermit  
53. Toepassing van sekere bepalings  
10 54. Skriftelike toestemming deur die grondeienaar

## **HOOFSTUK 7 INDRINGERSPESIES**

- 15 55. Indringerspesies

## **HOOFSTUK 8 “CONVENTION ON INTERNATIONAL TRADE IN ENDANGERED SPECIES OF WILD FAUNA AND FLORA (CITES)”**

- 20 56. Verbode aktiwiteite met betrekking tot CITES-spesies

## **HOOFSTUK 9 NATUURBEWAARDERS**

- 25 57. Aanstelling van natuurbewaarders  
58. Algemene bevoegdhe en werksaamhede van natuurbewaarders  
59. Bevoegdhe van natuurbewaarders met betrekking tot inspeksies en nakoming van hierdie Wet

## **HOOFSTUK 10 PERMITTE EN ANDER MAGTIGINGS**

- 30 60. Uitreiking van permitte, lisensies, sertifikate, skriftelike magtigings of  
35 61. Aansoek om permitte en ander dokumente  
62. Kansellasi van permitte, sertifikate en verbeuring van sekere artikels

## **HOOFSTUK 11 IMPLEMENTERING VAN DIE WET**

- 40 63. Regulasies en Bylaes  
64. Delegasie  
65. Vernietiging van getuienis  
45 66. Misdrywe  
67. Strawwe  
68. Beskikking oor lisensiegelde, boetes en opbrengste uit die verkoop van artikels wat verbeurd verklaar is  
69. Aanspreeklikheid vir verlies, skade of bederwing van artikels in bewaring

**HOOFTUK 12**  
**ALGEMENE BEPALINGS**

5	70. Hou van dokumente	
	71. Tyd van invoer van diere en plante	
	72. Algemene bevoegdhede van die Direkteur	
	73. Herroeping van wette en voorbehoude	
	74. Kort titel en inwerkingtreding	
10		<b>BYLAES</b>
		<b>Bylae 1</b>
15	Spesiaal-beskernde spesies	
		<b>Bylae 2</b>
	Beskernde spesies	
20		<b>Bylae 3</b>
	Gewone inheemse spesies	
25		<b>Bylae 4</b>
	Skadelike-dierspesies	
		<b>Bylae 5</b>
30	Troeteldierspesies	
		<b>Bylae 6</b>
	Inringerspesies	

## HOOFSTUK 1 UITLEG EN WOORDOMSKRYWINGS

### Uitleg

- 5        1.        (1)        In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –
- “**aanhou**”, met betrekking tot ‘n wilde dier, om lewend aan te hou, gevange te hou, beheer oor uit te oefen of toesig oor te hou;
- 10            “**besit**”, met betrekking tot enige dier of die karkas daarvan of enige plant, om bewus te wees van die teenwoordigheid van en om fisiese beheer uit te oefen oor enige sodanige dier of die karkas daarvan of enige sodanige plant, of om die bevoegdheid en voorneme te hê om fisiese beheer oor enige sodanige dier of die karkas daarvan of enige sodanige plant uit te oefen;
- 15            “**beskermd dier**” enige wildspesie as sodanig in Bylae 2 gelys;
- “**beskermd plant**” enige plantspesie as sodanig in Bylae 2 gelys;
- 20            “**beskermd vis**” ‘n vis in Bylae 2 gelys;
- “**CITES**” die “Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora”, Washington, 1973;
- 25            “**daaglikse kwotaperk**” die aantal van enige spesie wat gejag of deur middel van hengel gevang mag word, soos deur hierdie Wet bepaal;
- “**dag**” die tydperk wat ‘n halfuur vóór sonop begin en ‘n halfuur ná sononder op dieselfde dag eindig;
- 30            “**Departement**” die Departement verantwoordelik vir natuurbewaring in die Provinsie;
- 35            “**derivaat**”, met betrekking tot ‘n wilde dier, plant of ander organisme, enige gedeelte, weefsel of ekstrak van ‘n dier, plant of ander organisme, sy dit vars, gepreserveer of verwerk;
- 40            “**dier**” die hele dier, asook die eierselle of sperm en enige ander voortbrengsel daarvan of enige deel van die dier, hetsy dood of lewendig, en “**fauna**” het ‘n ooreenstemmende betekenis;
- 45            “**dierkundige fasiliteit**” ‘n fasiliteit waar individue, nie beperk tot enige groep of spesie nie, in gevangenskap gehou word ter wille van òf die oorlewing van ‘n skaars of bedreigde spesie, teling of rehabilitasie, òf ter wille van georganiseerde professionele opvoedkundige programme en geregistreerde navorsingsprojekte, met die hoof doel om openbare natuurbewaringsbewustheid, liefde vir en kennis van wilde diere te bevorder.

**“Direkteur”** die hoof van die eenheid verantwoordelik vir natuurbewaring binne die Departement;

5

**“dompel-en-skeep”** die chemiese behandeling, dompeling of verpakking van enige vel, horing of soortgelyke derivaat van ‘n wilde dier vir die doel van uitvoer;

10

**“dorp”** ‘n dorp soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Onderverdeling van Landbougrond, 1981 (Wet No 68 van 1981);

**“ekosisteem”** ‘n dinamiese kompleks van diere-, plant- of mikro-organismegemeenskappe en hul nie-lewende omgewing wat as ‘n funksionele eenheid op mekaar inwerk;

15

**“eksemplaar”** –

(a) enige lewende of dooie dier, plant of ander organisme;

20

(b) ‘n saad, sperm, eiersel, eier, geslagsel of voortbrengsel of gedeelte van enige dier, plant of ander organisme wat in staat is om voort te plant of te reproduseer of om op enige wyse genetiese eienskappe oor te dra;

25

(c) enige derivaat van enige dier, plant of ander organisme; of

(d) enige goedere wat -

(i) ‘n derivaat van ‘n dier, plant of ander organisme bevat; of

30

(ii) volgens enige meegaande dokument, volgens die verpakking of merk of etiket, of volgens enige ander aanduidings ‘n derivaat van ‘n dier, plant of ander organisme skyn te wees of te bevat;

35

**“ekstensiewe wildsisteem”** ‘n sisteem wat groot genoeg is en geskik is vir die bestuur van selfonderhoudende wildbevolkings in ‘n natuurlike omgewing wat minimale menslike tussenkoms verg vir –

40

(a) die voorsiening van water;

(b) die aanvulling van voedsel, behalwe in tye van droogte;

(c) die beheer van parasiete; of

45

(d) die voorsiening van gesondheidsorg;

**“familielid”**, met betrekking tot die eenaar van grond, die gade, ouer, stiefouer, pleegouer, skoonseun, skoondogter, kind, stiefkind, pleegkind, broer, suster of kleinkind van sodanige eenaar;

5 **“fuik”** ‘n toestel gemaak van ringe en hoepels waaroor ‘n net, draad of ander materiaal gespan is of wat slegs van draad gemaak is, met een of meer tregtervormige openings, en ook enigiets, hetsy vasgeheg aan die toestel, al dan nie, wat gebruik word om vis na enige tregtervormige opening in sodanige toestel te lei;

10 **“gestelde lyn”** ‘n lyn en hoek met of sonder enige aas of lokaas wat, wanneer dit gebruik word om vis te vang, aan enigiets vasgemaak is of nie regstreeks of onregstreeks deur enigiemand gemanipuleer word nie, maar sluit nie ‘n lyn en hoek in wat vasgeheg is aan ‘n katrol en stok wat los lê of in die grond geplant is nie;

15 **“gevangene neem”**, met betrekking tot ‘n dier, om op enige moontlike wyse die dier gevange te neem, te vang of lewendig te neem sonder om dit dood te maak en ook ‘n poging of agtervolging met die doel om gevange te neem, te vang of lewendig te neem;

20 **“gevangenskap”**, met betrekking tot enige wilde dier, die aanhou in ‘n kamp deur middel van enige heining, muur of hindernis van enige moontlike aard op so ‘n wyse dat die dier nie in staat is –

- 25 (a) om op ‘n natuurlike wyse na homself om te sien nie; of  
(b) om te ontsnap nie;

30 **“gewone inheemse dier”** ‘n inheemse wildspesie in Bylae 3 gelys;

**“gewone inheemse plant”** ‘n inheemse spesie in Bylae 3 gelys;

35 **“gewone inheemse vis”** ‘n inheemse visspesie in Bylae 3 gelys;

**“gif”** enige gif, preparaat of chemiese middel wat gebruik word om ‘n wilde dier of plant te vang, te immobiliseer, te steriliseer, te narkotiseer, dood te maak of fisies leed aan te doen;

40 **“gifhalsband”** ‘n kraag met een of meer geseëldde kompartemente gevul met fluoroasynsuur (mono), waarvan die soute en derivate in ‘n wateroplossing hoogstens een persent van die betrokke stof bevat, vir die beheer van skadelike diere;

**“gifskiet-apparaat”** ‘n toestel wat ‘n projektiel of chemikalieë afvuur wanneer dit afgetrek word en ‘n wilde dier kan doodmaak, beseer of immobiliseer;

5

**“grondeienaar”** –

(a) met betrekking tot grond –

10

(i) die persoon wat by ‘n aktekantoor as die eienaar daarvan geregistreer is;

15

(ii) as die wettige eiendomsreg daarvan berus by ‘n genootskap van persone, hetsy korporatief of nie-korporatief, die persoon wat skriftelik deur sodanige genootskap as die eienaar daarvan aangewys is;

20

(iii) die bona fide-aankoper daarvan vóór die registrasie van die oordragakte in sy of haar naam, maar ná die koopkontrak gesluit is, nie die persoon in paragraaf (i) bedoel nie;

25

(iv) in die geval van grond onder die beheer of bestuur van ‘n munisipaliteit, die betrokke munisipaliteit;

30

(v) in die geval van Staatsgrond nie onder die beheer of bestuur van ‘n munisipaliteit nie, die Nasionale Minister of Lid van die Uitvoerende Raad van die Provinsie wat dit beheer of bestuur of enige beampste deur die Minister of Lid van die Uitvoerende Raad vir die doel aangewys;

35

(vi) in die geval van grond wat nie bewoon word deur die eienaar in subparagraaf (i) bedoel nie, die persoon wat daadwerklik op die grond woon, wat algemene beheer oor sodanige grond uitoefen en skriftelike magtiging verkry het van die eienaar soos in die genoemde subparagraaf bedoel, om die regte uit te oefen wat deur hierdie Wet aan ‘n grondeienaar verleen word;

40

(vii) as die eienaar soos bedoel in subparagraaf (i), (ii), (iii) of (vi) dood of bankrot is of sy of haar boedel aan sy of haar krediteure afgestaan het of deur ‘n hofbevel onder kuratorskap geplaas is of ‘n maatskappy is wat onder likwidasie of geregtelike bestuur is, die persoon by wie die administrasie van sodanige grond berus as boedelberedderaar, verantwoordelike Lid, trustee, sessionaris, kurator, wettige erfgenaam, likwidateur of geregtelike bestuurder, na gelang van die geval;

45

(viii) wat stamgrond is, die stamkaptein; en

- 5 (b) met betrekking tot waters op grond in privaat besit, die eienaar, soos bedoel in paragraaf (a), van die grond waarop die betrokke waters geleë is of wat aan sodanige waters grens;

**“Grondwet”** die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

10 **“haak”** die vang van vis deur ‘n hoek in water te ruk met die bedoeling om ‘n vis te haak;

15 **“handel”** om te koop of te verkoop, te ontvang, te gee, as ‘n geskenk te aanvaar of te skenk, of om op enige moontlike wyse met enige moontlike metode aan te skaf of van die hand te sit;

20 **“hengel”** die vang van vis in ‘n waterstelsel met ‘n lyn en hoek, hetsy met of sonder ‘n stok, aas of lokaas, of met ‘n gestelde lyn, en sluit enige sodanige poging of hulp in, maar nie die vang van vis in sodanige waters deur dit te haak of te gryp nie;

**“hierdie Wet”** ook enige regulasie of kennisgewing wat daarkragtens gemaak of uitgereik word;

25 **“hok”** enige plek (ook ‘n waterpoel), struktuur of ander ding wat op enige wyse toegemaak of omhein is met die doel om ‘n dier gevange te hou, hetsy –

(a) bo-oor toegemaak, al dan nie; of

30 (b) beweegbaar of onbeweegbaar;

**“huisdier”** enige troeteldier of vee, maar nie ‘n wilde dier nie;

35 **“inbring”**, met betrekking tot ‘n spesie, die inbring van ‘n spesie deur mense, hetsy met opset of per ongeluk, na ‘n plek buite die natuurlike gebied of natuurlike verspreidingspotensiaal van daardie daardie spesie;

**“indringerspesie”** ‘n spesie as sodanig in Bylae 6 gelys;

40 **“inheems”** ‘n spesie wat natuurlik in ‘n vrye staat in die natuur binne die grense van die Republiek voorkom of oorspronklik voorgekom het, maar nie ‘n spesie wat as gevolg van menslike aktiwiteit in die Republiek ingevoer is nie;

**“inheemse vis”** enige vis waarvan die natuurlike verspreidingsgebied die waterstelsels binne die grense van die Provinsie is;

5 **“invoer”**, met betrekking tot enige wilde dier of plant, enige vorm van besending, pakkie of houer versend na of ingebring in die Provinsie of enige poging om enige wilde dier of plant, karkas, gedeelte of derivaat daarvan op enige moontlike wyse vanaf enige posisie of plek buite die grense van die Provinsie na enige posisie of plek binne die grense van die Provinsie te versend of te bring, en ook herinvoer;

10 **“jag”**, met betrekking tot ‘n wilde dier, om op enige moontlike wyse, met enige moontlike metode of toestel uit te dun, te jag, dood te maak, te vang, te versamel, te steur, te volg, te agtervolg, te soek na, aan te jaag, op loop te jaag, op te skiet, ‘n projektiel op af te vuur, te beseer, te vergif, 15 gif voor uit te sit, ‘n strik voor te stel, voor te lê, te lok en met opset te steur en ook enige sodanige poging om iemand anders te help, te lei of te begelei om enige van die voorafgaande te doen;

20 **“jagkontraakteur”** iemand wat help, ‘n aanbod maak of ‘n voorstel maak om ‘n wilde dier te jag, of die jag daarvan organiseer;

25 **“jagregte”** die reg van ‘n grondeienaar om kragtens die bepalings van hierdie Wet ‘n wilde dier te jag of te laat jag op grond waarvan hy of sy die eienaar is;

30 **“karkas”**, met betrekking tot enige dier, al die vleis of enige gedeelte daarvan (hetsy gedroog, gerook, gesout, bewaar of op enige wyse behandel), die kop, oor, tand, horings, skulp, skub, slagtande, bene, vere, stert, klou, poot, nael, hoef, vel, hare, binnegoed of enige moontlike gedeelte van die karkas, en ook die eier;

**“koop”** ook ruilhandel of uitruiling;

35 **“kreefnet”** ‘n net (ook bekend as ‘n ringnet) gemaak van draad of enige ander materiaal en waarvan die opening vasgemaak is aan ‘n raam, ongeag of enige aas of lokaas in sodanige net geplaas word of nie, maar sluit nie ‘n skepnet in nie;

40 **“kuns-lokaas”** ‘n toestel waarvan die nabootsing van lewe of die voorkoms of kleur van die ontwerp daarvan waarskynlik ‘n vis sal fop, verlei of lok om sodanige toestel te sluk;

45 **“kweek”** die kunsmatige voortplanting van plante op enige moontlike wyse;

**“landbougrond”** grond wat buite die grense van ‘n dorp val;

“**lisensie**” ‘n lisensie ingevolge hierdie Wet uitgereik;

“**lok**” om enige wilde dier uit te lok deur iets aanlokliks aan te bied deur enige toestel, geluid of reuk te gebruik wat sy aandag trek;

5

“**munisipaliteit**” ‘n munisipaliteit kragtens artikel 155(6) van die Grondwet ingestel;

“**nag**” die tydperk wat begin ‘n halfuur ná sonder op enige dag en eindig ‘n halfuur vóór sonop op die volgende dag;

10

“**natuurbewaarder**” ‘n natuurbewaarder kragtens artikel 65 aangestel;

“**natuurlewe-operateur**” iemand in artikel 27(1) genoem;

15

“**net**” ’n valnet, fuik, werpnet, kreefnet, skepnet, gestelde net of treknet;

“**ongediertejagter**” iemand wat sy of haar dienste aanbied om skadelike diere te jag, hetsy vir kommersiële gewin, al dan nie;

20

“**ontwortel**”, met betrekking tot enige plant, die verwydering van die hele plant uit sy natuurlike substratum of natuurlike groeimedium, maar nie ook ‘n aangeplante plant nie;

25

“**openbare pad**” ‘n openbare pad soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996);

“**opvoedkundige fasiliteit**” die gebruik van enige spesie om bewaringsbewustheid te skep;

30

“**permit**” ‘n permit ingevolge hierdie Wet uitgereik;

“**perseel**” ook grond, enige gebou, struktuur of woning, hetsy beweegbaar of onbeweegbaar, of enige voertuig, vervoermiddel, vaartuig of vliegtuig;

35

“**plant**” ook die hele plant, blom, saadkeël, vrug, bol, knol, stingel, wortel of enige ander voortbrengsel daarvan of enige gedeelte van die plant, hetsy dood of gedroog, en “**flora**” het ‘n ooreenstemmende betekenis;

40

“**pluk**” ook om te versamel, te sny, af te kap, te neem, bymekaar te maak, te pluk, te ontwortel, te breek, te beskadig of te vernietig;

45

“**privaat gebruik**” gebruik buiten handel;

**“professionele jagter”** iemand wat hulp verleen, ‘n jagtog onderneem, as ‘n gids optree vir, of aanbied of ooreenkom om enigiemand te begelei of te vergesel om sodanige persoon in staat te stel om ‘n wilde dier te jag;

5 **“Provinsie”** die Noord-Kaap Provinsie soos in artikel 103 van die Grondwet genoem;

10 **“rehabiliteer”**, met betrekking tot enige wilde dier, ‘n individu van ‘n bepaalde spesie wat tydelik gevange gehou word vir die uitsluitlike doel om ‘n wees, beseerde of siek dier te rehabiliteer (voor te berei, af te rig en te genees) na sy oorspronklike staat vir vrylating in sy natuurlike habitat;

15 **“rondloperhond”** enige hond wat op grond oortree en terwyl hy sodanig oortree nie onder die toesig is van sy eienaar of ‘n persoon wat van sodanige eienaar magtiging verkry het nie;

**“skadelike dier”** enige dier wat verklaar word tot ‘n skadelike dier in Bylae 4 gelys;

20 **“skadelike watergewas”** enige spesie van ‘n watergewas as sodanig in Bylae 5 gelys en ook spesies wat in die toepaslike Bylaes van die Bewaring van Landbou-hulpbronnwet, 1983 (Wet No. 43 van 1983), omskryf word;

25 **“skepnet”** ‘n net wat in die hand gehou word om vis wat deur middel van hengel gevang is, uit die water te skep;

30 **“slagyster”** ‘n been- of voet-slagyster wat bestaan uit twee styfklemmende kake, ‘n slag-en-snellermeganisme, sonder ‘n teenslag- of opgestopte kaak wat die moontlikheid van besering van ‘n dier verminder en aan die verdere spesifikasies deur die Direkteur uitgereik voldoen;

**“spesiaal-beskermd dier”** enige dier as sodanig in Bylae 1 gelys;

35 **“spesiaal-beskermd plant”** enige plant as sodanig in Bylae 1 gelys;

**“spesiaal-beskermd vis”** ‘n vis in Bylae 1 gelys;

40 **“spesie”** ‘n soort dier, plant of ander organisme en ook enige subspesie, kultivar, variëteit, lyn of baster daarvan;

45 **“staaknet”** ‘n net (ook bekend as ‘n stelnet, kieunet of dryfnet), met of sonder gewigte of dobbers, wat regop in die water gestel word met die bedoeling dat vis daarin gevang word of daarin verstrik raak, hetsy sodanige net dryf of aan iets vasgemaak is;

“**stelgeweer**” enige mensegemaakte toestel wat outomaties enige soort vuurwapen afvuur deur middel van ‘n snellermeganisme wat nie regstreeks of onregstreeks deur enigiemand gemanipuleer word nie;

5 “**taksidermis**” iemand wat ‘n vel, horing of ander derivaat van ‘n wilde dier monteer;

10 “**teel**”, met betrekking tot wilde diere, die permanente gevangehouding van individue van ‘n spesifieke spesie vir die uitsluitlike doel om aantel voort te bring;

“**toereikend afgekamp**”, met betrekking tot grond, afgekamp met –

15 (a) enige heining, muur of hindernis van enige moontlike aard wat ‘n kamp vorm waaruit enige wilde dier of ‘n spesie aangedui op ‘n permit kragtens artikel 24 uitgereik, nie kan ontsnap sonder om dit te breek nie;

20 (b) enige natuurlike grens waardeur of waaroor enige wilde dier van ‘n spesie wat aldus aangedui is, nie in normale omstandighede sal beweeg nie; of

25 (c) enige kombinasie van heinings, mure, hindernisse of grense in paragrafe (a) en (b) genoem, wat verhoed dat enige wilde dier of spesie wat aldus aangedui is nie van daardie grond kan ontsnap nie, en “**voldoende omhein**” het ‘n soortgelyke betekenis;

30 “**treknet**” ‘n net (ook bekend as ‘n seën, aasnet, sleepnet of aastreknet), met of sonder gewigte of dobbers, wat in ‘n regop posisie deur die water getrek word met die bedoeling om vis te vang;

“**troeteldier**” ‘n troeteldier as sodanig in Bylae 5 gelys;

“**uitdun**” –

35 (a) ‘n handeling uitgevoer deur ‘n natuurbewaarder of iemand anders aangewys deur die grondeienaar om ‘n spesifieke aantal eksemplare van diere van ‘n wildspesie binne die gebied dood te maak, met die doel om daardie spesie in die gebied te bestuur; of

40 (b) met betrekking tot ‘n eksemplaar van ‘n wildspesie wat uit ‘n beskermde gebied ontsnap het en ‘n bedreiging vir lewe of eiendom geword het, ‘n handeling wat uitgevoer word deur ‘n natuurbewaarder of iemand anders aangewys deur die Direkteur, om die dier as ‘n laaste uitweg dood te maak;

45

“**uitheems**”, met betrekking tot ‘n spesie, ‘n spesie wat oorspronklik nie natuurlik in ‘n vrye staat in die natuur binne die grense van die Republiek voorgekom het nie en ook ‘n spesie wat as gevolg van menslike aktiwiteit in die Republiek ingevoer is;

5

“**uitvoer**”, met betrekking tot enige wilde dier of plant, enige vorm van besending, pakkie of houer versend of geneem uit die Provinsie of enige poging om enige wilde dier of plant, karkas, gedeelte of derivaat daarvan op enige moontlike wyse vanaf enige posisie of plek binne die grense van die Provinsie na enige posisie of plek buite die grense van die Provinsie te versend of te neem, en ook heruitvoer;

10

“**Uitvoerende Raad**” die Uitvoerende Raad van die Provinsie in artikel 132 van die Grondwet bedoel;

15

“**vaartuig**” ook enige kanoe, ligter, drywende platform, boot met dek, vragvaartuig, vaartuig toegerus met binneboord- of buiteboordenjin of enige ander watertuig of boot, hetsy selfaangedrewe, al dan nie;

20

“**val**” enige val, slagyster, been- of voetslagyster, hok, net, vanggat, vangkraal, vangkamp, of voëllym en enige moontlike ander toestel, manier of metode wat gebruik of aangepas kan word om wilde diere te vang;

25

“**vang**”, met betrekking tot vis, ook enige manier of metode om te neem (hetsy dood of lewendig), te beseer, te immobiliseer of dood te maak of te probeer om te neem, te beseer, te immobiliseer of dood te maak, of te agtervolg of met opset te steur of te vergiftig;

30

“**vanghok**” ‘n hok met ‘n valdeur of -deure en meganisme –

(i) wat gebruik word om diere te vang of buit; en

(ii) wat aan die bepalings van enige spesifikasie deur die Direkteur uitgereik voldoen;

35

“**vee**” ‘n perd, muil, donkie, bul, koei, os, vers, kalf, skaap, bok, vark, mak volstruis of pluimvee;

40

**verantwoordelike Lid**” die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir natuurbewaring in die Provinsie;

“**verkoop**” ook om te smous, te vent, te kwansel of uit te ruil of om aan te bied, te adverteer, bloot te stel, uit te stal, te vertoon of in besit te hê vir die doel om te verkoop, te smous, te vent, te kwansel of uit te ruil;

45

**“vervoer”** om op enige moontlike wyse en met enige moontlike metode te karwei, te trek of op ‘n ander wyse te hervestig;

5

**“vis”** enige waterfauna, hetsy inheems of uitheems en hetsy lewend of dood, sowel as die eierselle of sperm daarvan, uitgenome amfibieë, reptiele, insekte, weekdiere, skaaldiere, soogdiere en voëls;

10

**“volhoubaar”**, met betrekking tot die gebruik van ‘n biologiese hulpbron, die gebruik van sodanige hulpbron op ‘n wyse en teen ‘n koers wat –

(a) nie tot die langtermyn agteruitgang daarvan sal lei nie;

15

(b) nie die ekologiese integriteit van die ekosistiel waarin dit voorkom, sal ontwig nie; en

(c) die volgehoue gebruik daarvan om in die behoeftes en strewes van huidige en toekomstige geslagte van mense te voorsien, sal verseker;

20

**“voltydse werknemer”** ’n werknemer wat voltyds op ‘n maandelikse grondslag in diens is en ‘n salaris of loon ontvang in ooreenstemming met die soort werk wat hy of sy verrig;

25

**“voorgeskryf”** by regulasie voorgeskryf;

**“vuurwapen”**, vuurwapen soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens, 2000 (Wet No. 60 van 2000), en ook ‘n windgeweer en voorlaaier;

30

**“wapen”** ook enige instrument wat ‘n wilde dier kan doodmaak, beseer of immobiliseer en sluit ook ‘n vuurwapen, ammunisie, strik, val, vanghok, slagyster, net, voëllym, spies, assegaai, pyl-en-boog, byl, kapmes, mes, rekker, of soortgelyke voorwerp en enige moontlike gif of verdowingsmiddel in;

35

**“watergewas”** plantegroei wat in ‘n waterstelsel groei of kan groei;

**“waters”** ook enige rivier, stroom, spruit, meer, vlei, pan, lagune, dam, reservoir, voor of poel, hetsy die water daarin vars of sout is, en sluit die strandgebied en oewer daarvan en enige gedeelte van sodanige waters in;

40

**“waters op grond in privaat besit”** enige dam, reservoir, vlei of ander binnelandse waters wat volledig omring word deur grond wat aan een eienaar behoort;

45

**“waterstelsel” -**

- 5 (a) enige gebied wat deel uitmaak van riviere, strome, vleie, sponse, vleilande, spruite, mere, panne of enige ander natuurlike of mensgemaakte wateropdamming; en
- (b) ook enige sodanige gebied, hetsy waterhoudend of droog;
- 10 (c) alle waters wat nie permanent of te eniger tyd gedurende die jaar deel van die see vorm nie en ook enige getyrvier;

15 **“werpnet”** ‘n net (ook bekend as ‘n sambreelnet of goinet), met of sonder gewigte om die buiterand, wat op die water gewerp word sodat dit oopgaan en in die water afsak;

20 **“wilde dier”** enige lewende gewerwele of ongewerwele dier, hetsy inheems of uitheems, en die eier of kuit van sodanige dier en ook enige sodanige dier wat gevange gehou of in gevangeskap gebore of uitgebroei is, maar nie ‘n huisdier nie;

25 **“wilde huisdier”** ‘n huisdier of ‘n spesie van so ‘n dier wat wild geraak het en sluit enige rondloperdier van sodanige spesie in;

30 **“wildplaas”** grond waarvoor ‘n wildplaas permit uitgereik is;

35 **“wildplaaspermit”** ‘n permit kragtens artikel 24 uitgereik;

40 **“wildvanger of -karweier”** iemand wat ‘n wilde dier of ‘n eksemplaar van ‘n gewerwele landdiersoort vir kommersiële doeleindes namens iemand anders vang of karwei en ook verhandel, koop, verkoop of tydelike besit van sodanige dier; en

45 **“wip”** ‘n lus van tou, lyn of draad of enige ander materiaal wat gebruik kan word om ‘n dier te vang.

- (2) In hierdie Wet het woorde en uitdrukkings afgelei van woorde en uitdrukkings in subartikel (1) omskryf ooreenkomstige betekenis, tensy uit die samehang anders blyk.

40 **Uitleg van sekere woorde vir die doeleindes van Hoofstuk 2**

2. Vir die doeleindes van Hoofstuk 2, sluit die term **“dier”** of **“wilde dier”** nie **“vis”** in nie.

## HOOFSTUK 2 VOLHOUBARE BENUTTING VAN WILDE DIERE

### Deel 1 Beperkte Aktiwiteite

5

#### Beperkte aktiwiteite met betrekking tot spesiaal-beskermdede diere

10

3. Niemand mag sonder 'n permit 'n eksemplaar van 'n spesiaal-beskermdede dier –

- (a) jag;
- (b) invoer;
- (c) uitvoer;
- (d) vervoer;
- (e) aanhou;
- (f) besit;
- (g) teel; of
- (h) verhandel nie.

15

20

#### Beperkte aktiwiteite met betrekking tot beskermdede diere

4. Behoudens die bepalings van artikels 5, 6, 7 en 8 mag niemand sonder 'n permit 'n eksemplaar van 'n beskermdede dier –

25

- (a) jag;
- (b) invoer;
- (c) uitvoer;
- (d) vervoer;
- (e) aanhou;
- (f) teel; of
- (g) verhandel nie.

30

### Deel 2 Jag

35

#### Jag van beskermdede diere

5. (1) Niemand mag 'n beskermdede dier sonder 'n permit jag nie, maar –

40

- (a) gedurende 'n jagseisoen kan 'n grondeienaar 'n beskermdede dier sonder 'n jaglisensie jag op die grond waarvan hy of sy die eienaar is;

(b) 'n familielid of voltydse werknemer van 'n grondeienaar in paragraaf (a) bedoel, kan –

(i) met die skriftelike toestemming in artikel 14 bedoel; en

(ii) gedurende 'n jagseisoen,

'n beskermdedier sonder 'n jaglisensie op grond van die grondeienaar jag;

(c) met die skriftelike toestemming in artikel 14 bedoel, kan enige ander persoon wat die houer is van 'n geldige jaglisensie vir die Provinsie 'n beskermdedier gedurende 'n jagseisoen op die grond van die grondeienaar jag;

(2) Gedurende 'n jagseisoen of 'n gedurende 'n tydperk buite 'n jagseisoen en by die skriftelike aansoek van die grondeienaar kan 'n permit uitgereik word -

(a) aan die grondeienaar;

(b) aan enigiemand anders wat deur die grondeienaar in die aansoek aangedui word,

wat aan die houer van die permit magtiging gee om die aantal, geslag en spesies van 'n beskermdedier in die permit genoem op die grond van die grondeienaar te jag.

### **Jagseisoene**

6. (1) Niemand mag 'n beskermdedier jag nie, behalwe gedurende 'n jagseisoen kragtens subartikel (2) afgekondig en onderworpe aan die bepalings van die kennisgewing wat die jagseisoen afkondig.

(2) Die verantwoordelike Lid kan by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* jagseisoene vir die jag van wilde diere vir die Provinsie afkondig.

(3) Die kennisgewing in subartikel (2) bedoel, maak voorsiening vir –

(a) die tydperk in enige jaar waartydens die wilde diere gejag kan word;

(b) die kategorieë van persone wat wilde diere kan jag;

(c) die aantal, spesies en geslag van wilde diere wat gejag kan word; en

(d) die gebiede waarin die wilde diere gejag kan word.

(4) Die verbod in subartikel (1) uiteengesit, is nie van toepassing op –

(a) iemand wat jag op grond waarvoor ‘n wildplaaspermit uitgereik is nie;

(b) die houer van ‘n permit om die beskermde dier te jag nie.

### **Jaglisensies**

7. (1) Behalwe waar hierdie Wet anders bepaal, mag niemand ‘n beskermde dier jag nie as hy of sy nie ‘n geldige jaglisensie vir die Provinsie het nie.

(2) Die verbod in subartikel (1) uiteengesit, is nie van toepassing op –

(a) iemand wat jag op grond waarvoor ‘n wildplaaspermit uitgereik is nie;

(b) die houer van ‘n permit om die beskermde dier te jag nie.

### **Jag van wilde diere bo die daaglikse kwotaperk**

8. Niemand, tensy hy of sy die houer van ‘n permit is, mag te eniger tyd meer van enige wildspesie as die daaglikse kwotaperk bepaal deur die kennisgewing in artikel 6(2) bedoel jag nie.

### **Verbode jagmetodes of -instrumente**

9. (1) Sonder om die betekenis van die woord “**jag**” te beperk, mag niemand ‘n wilde dier jag nie, tensy hy of sy die houer van ‘n permit is en onderworpe aan die voorwaardes in die permit uiteengesit –

(a) deur middel van vuur;

(b) deur middel van gif;

(c) deur middel van ‘n voertuig of vliegtuig;

(d) gedurende die nag;

(e) met die hulp van ‘n kunsmatige lig, spreilig of soeklig;

(f) deur middel van enige val of vanggat;

(g) deur middel van ‘n vanghok;

(h) deur middel van ‘n slagyster;

- (i) deur middel van 'n draad- of touwip of soortgelyke toestel;
- (j) deur middel van 'n windgeweer;
- 5 (k) deur middel van 'n vuurwapen wat 'n randvuurpatroon van 5.56 mm-kaliber (.22 duim) of kleiner afskiet;
- (l) deur middel van 'n vuurwapen wat meer as twee skote afskiet sonder dat dit met die hand herlaai word;
- 10 (m) deur middel van 'n handwapen of voorlaaiër;
- (n) deur middel van 'n vuurwapen wat toegerus is met 'n knaldemper of soortgelyke toestel om klank te demp;
- 15 (o) deur middel van 'n stelgeweer, gifskiet-apparaat of enige soortgelyke toestel;
- (p) deur middel van pyling of enige toestel wat 'n bedwelmende of verdowende stof of gif in sodanige dier inspuit;
- 20 (q) wat gevange gehou word, in 'n hok of kamp opgesluit is of vasgekeer is teen 'n draad waar dit nie 'n redelike kans staan om die jagter te ontduik nie;
- 25 (r) wat onder die invloed is van enige kalmerende of bedwelmende immobiliserende of soortgelyke middel;
- (s) met 'n hond, behalwe vir die jag, opjaag, aanwys of terugbring van voëls of om die dier wat gewond is, te soek of te volg;
- 30 (t) in die geval van 'n voël, in of op waterstelsels, met 'n boot om voëls te jaag of dood te maak;
- (u) deur middel van die stel van 'n val, stelgeweer, gifskiet-apparaat of strik binne 10 meter vanaf 'n gemeenskaplike grens;
- 35 (v) deur te lok of deur middel van 'n nabootsing of opname van die natuurlike geluid wat 'n dier maak of deur middel van aas of reuk of enige ander lokmetode;
- 40 (w) in 'n gebied kleiner as die vasgestelde standaard van 400 hektaar;
- (x) met enige ander toestel waarvan die gebruik kan lei tot die besering of doodmaak van 'n dier op 'n wyse wat nie 'n aanvaarbare menslike jagmetode is nie;
- 45

- (y) deur middel van enige land dier of roofvoël;
- (z) deur middel van 'n pyl-en-boog, kruisboog, spiesgeweer of  
5 soortgelyke toestel wat 'n pyl of veerpyl afskiet;
- (aa) deur middel van 'n blaaspyp, rekker of soortgelyke toestel;
- (bb) deur middel van 'n spies, kierrie, stok of enige soortgelyke  
10 toestel, maar –
- (i) met betrekking tot 'n knaagdier, buiten 'n ystervark en  
springhaas, is die bepalings van paragrawe (b), (d), (e), (f),  
(g), (m), (q) en (w) nie van toepassing nie;
- (ii) met betrekking tot enige wilde dier wat gejag word deur 'n  
15 geregistreerde veearts in die uitoefening van sy of haar  
beroep, is die bepalings van paragrawe (p), (q), (r) en (w)  
nie van toepassing nie;
- (iii) met betrekking tot 'n gewone inheemse dier wat 'n voël is  
20 wat nie in Bylae 1 of 2 gelys is nie, is die bepalings van  
paragrawe (j) en (k) nie van toepassing nie;
- (iv) met betrekking tot 'n skadelike dier in artikel 28 bedoel, is  
25 die bepalings van paragrawe (d), (e), (g), (p), (q), (r) en (v)  
nie van toepassing nie; of
- (v) met betrekking tot 'n wilde dier gejag met die skriftelike  
30 toestemming in artikel 14 bedoel, is die bepalings van  
paragrawe (m) en (n) nie van toepassing nie.
- (2) Die bepalings van subartikel (1)(s) vrywaar nie die eienaar van die hond  
of die persoon in beheer van 'n hond van aanspreeklikheid vir skade wat  
35 deur sodanige hond op iemand anders se grond aangerig word aan diere  
wat nie geteiken word nie.
- (3) Die bepalings van subartikel (1)(c) sluit ooreenkomstig die bepalings van  
hierdie Wet nie die gebruik van 'n motorvoertuig uit vir die jag van 'n  
40 wilde dier deur die eienaar van die grond of enigiemand anders wat 'n  
houer is van die skriftelike toestemming in artikel 14 bedoel nie.
- (4) As die verantwoordelike Lid oortuig is dat dit in die openbare belang is,  
stel hy of sy by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* enige van die  
verbodsbepalings in subartikel (1) genoem, ter syde –

- (a) vir 'n wildspesie;
- (b) vir 'n tydperk; of
- (c) in die gebied,

in die kennisgewing genoem.

### **Jag met sekere minimum-kaliber vuurwapens**

**10.** (1) Niemand mag –

- (a) 'n vuurwapen wat 'n loop met 'n kaliber van minder as 6.85 mm (.270 van 'n duim) het, gebruik om eland, koedoe, blouwildebees, swartwildebees, gemsbok, rooihartbees, bastergemsbok, swartwitpens, Burchell se sebra, Kaapse bergsebra, Hartmann se bergsebra, njala of waterbok te skiet nie; of
- (b) 'n vuurwapen wat 'n loop met 'n kaliber van minder as 9.52 mm (.375 van 'n duim) het, gebruik om buffel, olifant, leeu, luiperd, renoster, kameelperd of seekoei te skiet nie,

tensy hy of sy die houer van 'n permit is.

(2) Wanneer enigiemand 'n dier in subartikel 1(b) vermeld, gewond of vermoedelik gewond het sonder om daarin te slaag om die dier dood te maak of op te spoor, moet hy of sy dit binne 24 uur aanmeld by die polisiestasie of die kantoor van die natuurbewaarder naaste aan die plek waar sodanige dier gewond is of vermoedelik gewond is.

(3) Niemand jag –

- (a) 'n olifant;
- (b) 'n renoster;
- (c) 'n seekoei;
- (d) 'n krokodil;
- (e) 'n leeu;
- (f) 'n luiperd; of
- (g) 'n hiëna,

met 'n pyl-en-boog of soortgelyke toestel nie.

### **Jag vanaf 'n openbare pad**

**11.** Niemand mag sonder 'n permit enige wilde dier op of vanaf 'n openbare pad jag nie.

### **Jag, ontvangs, besit, verkryging of hantering van 'n wilde dier**

**12.** (1) Niemand mag, op grond waarvan hy of sy nie die eienaar is nie, 'n wilde dier jag of die dier of die karkas van die dier optel of verwyder van die grond sonder die skriftelike toestemming in artikel 14 bedoel nie.

(2) Niemand tel 'n wilde dier op of verwyder 'n wilde dier wat nie wettig gejag, gevange geneem of gevang is nie, tensy hy of sy vooraf skriftelike toestemming verkry het van die eienaar van die grond waarop sodanige dier gevind is.

5

(3) Niemand –

(a) neem ontvangs van 'n dooie wilde dier, wetende dat dit nie wettig gejag of verkry is nie;

10

(b) besit 'n dooie wilde dier ten opsigte waarvan 'n redelike vermoede bestaan dat dit nie wettig gejag of verkry is nie, sonder om bevredigend rekenskap van sodanige besit te kan gee nie; of

15

(c) verkry, neem besit van of hanteer 'n dooie wilde dier sonder om ten tyde van sodanige verkryging, ontvangs of hantering redelike gronde te hê om te glo dat die wilde dier wettig gejag of verkry is nie.

20

### **Teenwoordigheid van grondeienaars, waarnemers en helpers**

**13.** (1) Iemand wat jag in die teenwoordigheid van die grondeenaar op wie se grond die jag plaasvind, kan jag sonder die skriftelike toestemming in artikel 14 bedoel.

25

(2) Die bepalings van artikel 12 is nie van toepassing op enigiemand wat nie in besit van 'n vuurwapen is nie en wat nie daadwerklik help met of deelneem aan die jag nie en –

30

(a) in die teenwoordigheid van die grondeenaar, 'n waarnemer is waar 'n wilde dier wettig deur die grondeenaar of enigiemand anders gejag word;

35

(b) in die afwesigheid van die grondeenaar, 'n waarnemer, helper of aanjaer is waar 'n wilde dier wettig gejag word deur enigiemand anders met die skriftelike toestemming in artikel 14 bedoel; of

40

(c) 'n natuurbewaarder in die verrigting van sy of haar werksaamhede kragtens hierdie Wet of enige ander wet.

### **Skriftelike toestemming deur die grondeenaar**

**14.** (1) 'n Grondeenaar kan enige wilde dier of wilde huisdier jag of toestemming aan enigiemand anders gee om dit ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet op die grond van die grondeenaar te jag en om die gejagte dier of die karkas van die dier van die grond te verwyder.

45

(2) Geen toestemming wat kragtens subartikel (1) verleen is, is geldig nie, tensy dit vooraf gegee is, op skrif gestel is, en –

5

(a) die volle naam en woonadres van die grondeienaar;

(b) die volle naam en woonadres van die persoon aan wie dit uitgereik is;

10

(c) die aantal, geslag en spesies van die wilde dier;

(d) die datum of tydperk waarvoor dit uitgereik is;

15

(e) die plaasnaam, plaasnommer en landdrosdistrik waarvoor dit uitgereik is;

(f) die handtekening en datum waarop die dokument deur die grondeienaar onderteken is;

20

(g) die handtekening en datum waarop die dokument onderteken is deur die persoon aan wie die toestemming gegee is; en

(h) die permitnommer, indien van toepassing,

25

aandui nie.

(3) Die houer van 'n skriftelike toestemming in subartikel (1) bedoel, hou die dokument ten alle tye op sy of haar persoon terwyl hy of sy sodanige dier jag, verwyder of in besit daarvan is.

30

(4) 'n Grondeienaar mag nie die jag van 'n dier op sy of haar grond toelaat sonder die skriftelike toestemming in subartikel (1) bedoel nie.

35

(5) Die skriftelike toestemming in subartikel (1) genoem, kan gekombineer word met die dokument in artikel 15 genoem.

### **Dokument aangaande skenking, verkoping en verwydering**

40

**15.** (1) Niemand skenk of verkoop enige wilde dier of die karkas van enige sodanige dier aan enigiemand anders of verwyder of laat toe dat dit verwyder word na enigiemand anders nie, tensy hy of sy by aflewering van die dier of karkas van die dier aan die ander persoon, daardie persoon voorsien van 'n skriftelike dokument deur hom of haar onderteken, wat –

45

(a) die volle naam en woonadres van die grondeienaar;

(b) die volle naam en woonadres van die persoon aan wie dit uitgereik is;

- (c) die aantal, geslag en spesies van die wilde dier;
- (d) die datum of tydperk waarvoor dit uitgereik is;
- 5 (e) die plaasnaam, plaasnommer en landdrosdistrik waarvoor dit uitgereik is;
- (f) 'n verklaring deur die eienaar dat hy of sy die dier of karkas aan sodanige ander persoon geskenk of verkoop het;
- 10 (g) die handtekening en datum waarop die dokument deur die grondeienaar onderteken is;
- (h) die handtekening en datum waarop die dokument onderteken is deur die persoon aan wie die toestemming gegee is; en
- 15 (i) die permitnommer, indien van toepassing,
- aandui nie.
- 20 (2) In soverre hierdie artikel betrekking het op die verkoop of skenking van 'n wilde dier of die karkas van 'n wilde dier wat enige jag oplewer, verskyn die nommer van die jaglisensie of -permit, indien van toepassing, die datum van die jag en die volle besonderhede van die jagter soos in
- 25 artikel 14(2)(b) bedoel ook op die dokument.
- (3) Die dokument in subartikel (1) genoem, kan gekombineer word met die dokument in artikel 14 genoem, slegs as dit die inhoud weergee soos in
- 30 subartikels (1) en (2) uiteengesit.

### **Oordrag van jag- en ander regte**

16. (1) Die Direkteur kan magtiging gee dat –
- 35 (a) 'n grondeienaar in besit van 'n wildplaaspermit kragtens artikel 24 uitgereik; of
- (b) enige ander grondeienaar,
- 40 skriftelik en onderhewig aan die voorwaardes wat hy of sy mag bepaal, tydelik of permanent, gedeeltelik of volledig –
- (i) in die geval van 'n grondeienaar in paragraaf (a) bedoel, die regte in artikel 25 uiteengesit, kan oordra; en
- 45 (ii) in die geval van 'n grondeienaar in paragraaf (b) bedoel, die regte wat ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet by 'n grondeienaar berus, kan oordra.

- (2) By die toepassing van die bepalings van hierdie Wet word enigiemand aan wie 'n reg in subartikel (1) bedoel, oorgedra is, vanaf die datum van sodanige oordrag vir die doeleindes van hierdie Wet beskou as die grondeienaar wat ter sprake is en, in die geval van 'n tydelike oordrag, vir die duur van die betrokke tydperk.

### **Deel 3 Algemeen**

#### **Gevangehouding van wilde diere**

- 17.** (1) Niemand mag, tensy hy of sy die houer van 'n permit is –
- (a) enige wilde dier gevange hou nie; of
- (b) enige wilde dier met 'n tou, koord, ketting of enige soortgelyke bindmiddel vasmaak nie.
- (2) Die bepalings van subartikel (1) geld nie ten opsigte van 'n troeteldierspesie nie.

#### **Vrylating van sekere wilde diere**

- 18.** (1) Niemand mag sonder 'n permit 'n uitheemse wilde dier in die Provinsie invoer, vervoer of uit gevangenskap vrylaat nie.
- (2) Niemand mag 'n skadelike dier vrylaat sonder die skriftelike toestemming van die grondeienaar op wie se eiendom die dier vrygelaat gaan word nie.
- (3) Niemand mag, sonder 'n permit, 'n inheemse wilde dier wat in aanhouding was vrylaat nie.
- (4) By uitleg van die woorde “**skriftelike toestemming**” in subartikel (2), is die bepalings van artikel 14 van toepassing, gelees in samehang met die veranderings vereis deur die konteks.

#### **Manipulasie van grensdrade**

- 19.** Niemand –
- (a) rig 'n heining op, verander, verwyder of verwyder dit gedeeltelik of laat dit oprig, verander, verwyder of gedeeltelik verwyder, hetsy op 'n gemeenskaplike grens of op sodanige persoon se eie eiendom, op so 'n wyse dat enige wilde dier wat as gevolg daarvan toegang verkry of kan verkry tot die eiendom of 'n kamp op die eiendom nie, nie daaruit kan of waarskynlik nie daaruit sal kan ontsnap nie;

(b) hoop grond of enige ander material aan een kant van 'n heining op of laat dit ophoop of verwyder of laat dit verwyder nie, hetsy op 'n gemeenskaplike grens of op sodanige persoon se eie eiendom, op so 'n wyse dat sodanige ophoping of verwydering in effek die hoogte van die heining aan die een kant verminder of vermeerder, na gelang van die geval, te dien effekte dat enige wilde dier wat as gevolg daarvan toegang verkry of kan verkry tot die eiendom of 'n kamp op die eiendom, nie daaruit kan of waarskynlik nie daaruit sal kan ontsnap nie; of

(c) lok 'n wilde dier om enige perseel binne te gaan of maak maklike toegang tot sodanige perseel moontlik en ontmoedig of verhoed dan die dier deur middel van enige middel of metode om die perseel te verlaat nie.

### Uitsit van gif

**20.** (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), saamgelees met artikel 29, mag niemand gif uitsit nie of toelaat dat dit uitgesit word op 'n wyse of op 'n plek waar dit waarskynlik deur 'n dier opgeneem of ingeneem sal word nie.

(2) Die bepalings van subartikel (1) belet niemand om gif uit te sit om insekte of knaagdiere uit te wis, met behoorlike inagneming van die bepalings van enige wet wat die gebruik van die toepaslike gif beheer nie.

(3) Niemand mag gif gebruik vir 'n ander doel of op 'n ander wyse as wat op die oorspronklike houer of op die oorspronklike etiket op die oorspronklike houer daarvan gespesifiseer word nie.

### Betreding van grond met wapens en vervoer van vuurwapens

**21.** (1) Niemand mag grond betree of hom of haar op grond bevind waar wilde diere voorkom of waarskynlik voorkom, terwyl in die besit van 'n vuurwapen nie, tensy sodanige persoon 'n wettige rede daarvoor het of vooraf die skriftelike toestemming van die grondeienaar van die betrokke grond verkry het.

(2) Niemand mag 'n vuurwapen op 'n openbare pad vervoer wat oor grond loop waar wilde diere voorkom of waarskynlik voorkom nie, maar –

(a) die grondeienaar of enigiemand anders wat kragtens hierdie Wet magtiging het om 'n wilde dier te jag of te vang, kan 'n vuurwapen op die grond van die grondeienaar vervoer;

(b) enigiemand kan op sodanige pad –

(i) 'n handwapen met 'n loop, kamer uitgesluit, van hoogstens 100 mm vervoer; of

- (ii) enige ander vuurwapen met 'n loop, slot, kamer, gleuf of magasyn wat nie gelaai is nie en deeglik toegemaak is in 'n geweesak, geweertas of geweerholster wat spesifiek ontwerp en gemaak is om die vurwapen wettig in te dra, vervoer.

- (3) Vir die doeleindes van subartikel (2) beteken **“handwapen”** 'n rewolwer of pistool bedoel vir selfverdediging en ontwerp en geskik om in 'n holster op die persoon gedra te word.

### **Verbodsbepalings aangaande karkasse van wilde diere**

- 22.** (1) Niemand mag sonder 'n permit die karkas van 'n wilde dier besit nie, tensy –

- (a) die dier deur sodanige persoon op die grond van enigiemand anders gejag is, en hy of sy in besit is van die skriftelike toestemming in artikel 14 bedoel;
- (b) sodanige persoon die karkas van enigiemand anders verkry het, en hy of sy in besit is van 'n skriftelike dokument bedoel in artikel 14 of 15, na gelang van die geval;
- (c) sodanige persoon 'n geldige kwitansie vir sodanige wettige verkryging kan toon; of
- (d) sodanige persoon die karkas op enige ander wyse verkry het, en hy of sy in besit is van 'n skriftelike magtiging deur die Direkteur om in besit van die dier of karkas te wees.

- (2) Geen karkas van 'n wilde dier mag deur enigiemand verkoop word nie, behalwe –

- (a) die eienaar van die grond waarop die betrokke dier ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet gejag is;
- (b) iemand wat sodanige wilde dier wettig verkry het en beskik oor dokumentêre bewys in artikel 14 of 15 bedoel;
- (c) iemand wat deur 'n permit ingevolge hierdie Wet uitgereik, gemagtig is om sodanige karkas te verkoop.

### **Opveil van sekere wilde diere**

- 23.** (1) Niemand mag sonder 'n permit 'n wilde dier deur middel van 'n veiling adverteer, verhandel, koop, verkoop, aanhou of van die hand sit nie.

- (2) 'n Afslaer wat 'n veiling in subartikel (1) bedoel, hou, moet behoudens die voorwaardes in die permit vermeld –
- 5 (a) 'n register hou, in die formaat wat deur die Direkteur bepaal word, van alle wilde diere wat –
- (i) deur die afslaer verhandel, geadverteer, gekoop, verkoop, aangehou, geruil, verruil of van die hand gesit is; en
- 10 (ii) by die veiling gevrek het;
- (b) wanneer hy of sy 'n opgeveilde wilde dier aan enigiemand anders aflewer, sodanige ander persoon voorsien van 'n skriftelike dokument in artikel 15 bedoel; en
- 15 (c) sodanige register op versoek aan die Direkteur beskikbaar stel.
- (3) Niemand neem 'n wilde dier kragtens hierdie artikel in ontvangs, tensy die afslaer hom of haar voorsien het van die dokument in subartikel 2(b) bedoel nie.
- 20 (4) Enigiemand wat 'n wilde dier kragtens hierdie artikel in ontvangs neem, hou die dokument bedoel in subartikel (1), (2)(b) of (5), na gelang van die geval, by hom of haar wanneer hy of sy sodanige wilde dier vervoer en hou sodanige dokument in sy of haar besit gedurende die tydperk wat sodanige wilde dier vervoer word of in sy of haar besit is.
- 25 (5) Enigiemand wat 'n wilde dier kragtens hierdie artikel in ontvangs neem, moet die permit in artikel 26 bedoel van die betrokke provinsiale uitreikingsowerheid verkry voordat sodanige pesoon sodanige wilde dier mag vervoer, invoer of uitvoer.
- 30

### **Wildplaaspermit**

- 35 **24.** (1) 'n Grondeienaar op wie se eiendom wilde diere voorkom, kan skriftelik by die Direkteur aansoek doen om 'n wildplaaspermit vir al die grond of vir enige gedeelte van sodanige grond.
- (2) 'n Aansoek kragtens subartikel (1) gedoen –
- 40 (a) bevat 'n volledige beskrywing van die grond waarvoor die aansoek gedoen word en ook, maar nie uitsluitlik nie, bewys van eienaarskap, die plaasnaam, plaasnommer, landdrosdistrik, die plaas se grense en grootte, en habitatserifisering deur die aansoeker wat die huidige toestand van die plantegroei daarop
- 45 weergee;

- 5
- (b) vermeld die wildspesies waarop die aansoek betrekking het, die beraamde aantal van sodanige spesies wat in 'n ekstensiewe wildsisteem voorkom op die grond in paragraaf (a) genoem en die aantal van sodanige spesies wat in gevangeskap voorkom;
- (c) vermeld die redes waarom die betrokke grond as toereikend afgekamp beskou word; en
- 10 (d) vermeld die aktiwiteite waarvoor aansoek gedoen word.
- (3) Ten einde oor die aansoek te besluit, kan die Direkteur vereis dat die aansoeker hom of haar voorsien van enige bykomende inligting wat hy of sy nodig of toepaslik mag ag.
- 15 (4) As die Direkteur -
- (a) met inagneming van die grootte van die grond ten opsigte waarvan ingevolge subartikel (1) aansoek gedoen is, die aantal wildspesies wat gewoonlik voorkom op die grond waarmee sodanige aansoek verband hou en sodanige ander omstandighede as wat hy of sy toepaslik mag ag, van mening is dat die betrokke diere in werklikheid in aanhouding is of aangehou word in 'n gebied wat nie 'n ekstensiewe wildsisteem uitmaak nie, weier hy of sy die aansoek;
- 20
- (b) oortuig is dat sodanige grond toereikend afgekamp is met betrekking tot sodanige spesie, staan hy of sy die aansoek toe en, reik die permit uit, behoudens die voorwaardes wat hy of sy nodig of toepaslik mag ag.
- 25
- 30 (5) 'n Wildplaaspermit –
- (a) is geldig vir die tydperk wat daarin bepaal word; en
- 35 (b) kan deur die Direkteur teruggetrek word as die grondeienaar die voorwaardes waarkragtens die permit uitgereik is, nie nakom nie of dit oortree.
- 40 (6) Behoudens artikel 16, verval 'n wildplaaspermit wat kragtens hierdie artikel uitgereik is by die oordrag of verhuring van die grond of enige gedeelte van die grond waarvoor dit uitgereik is.
- 45 (7) Enige geldige sertifikaat van toereikende afkamping wat uitgereik is kragtens artikel 35 van die Natuur-en Omgewingsbewaringsordonnansie, 1974 (Ordonnansie No. 19 van 1974), voor die herroeping van daardie Ordonnansie deur artikel 73 van hierdie Wet, word beskou as 'n wildplaaspermit kragtens hierdie artikel uitgereik en enige sodanige sertifikaat bly geldig vir die tydperk daarin vermeld.

### Regte van houer van wildplaaspermit en sekere ander persone

- 5           25.   (1)    'n Grondeienaar aan wie 'n wildplaaspermit uitgereik is, 'n familielid van die grondeienaar, 'n voltydse werknemer van die grondeienaar wat onder die gesag van die grondeienaar optree en enige ander persoon wat optree met die skriftelike toestemming in artikel 14 bedoel, kan, behoudens enige voorwaarde vermeld op die wildplaaspermit, en op die grond ten opsigte waarvan die wildplaaspermit uitgereik is –
- 10                   (a)    enige aantal van die wildspesies waarvoor sodanige permit magtiging gee;
- (b)    enige tyd van die jaar;
- 15                   (c)    te eniger tyd gedurende die dag of nag;
- (d)    by kunsmatige lig;
- 20                   (e)    deur middel van enige jagmetode of -instrument waarvoor die permit magtiging gee,
- jag.
- 25           (2)    Die houer van 'n wildplaaspermit kan, behoudens die voorwaardes op die permit vermeld, enige wilde dier of die karkas van die dier of die spesie waarvoor die permit magtiging gee –
- 30                   (a)    vang;
- (b)    gevang hou vir hoogstens 30 dae; en
- (c)    daarin handel dryf.

### Verbodsbepalings aangaande wilde diere

- 35           26.   (1)    Niemand mag sonder 'n permit enige wilde dier uitvoer uit, invoer na of vervoer in die Provinsie nie, maar geen permit is nodig vir 'n besending onderweg deur die Provinsie nie, op voorwaarde dat –
- 40                   (a)    geen wilde dier in die Provinsie afgelaai word nie; en
- (b)    die besending vergesel word van die toepaslike permitte van die provinsie van oorsprong en die provinsie van bestemming.

- 5 (2) Iemand aan wie 'n permit kragtens hierdie Wet uitgereik is om 'n lewende wilde dier aan te hou of te vervoer of 'n wilde dier te vang, moet ooreenkomstig die Wet op Standaarde, 1993 (Wet No. 29 van 1993), die standarde van die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde met betrekking tot die vang, aanhou en vervoer van wilde diere ten tyde van sodanige vervoer of vangs nakom.
- 10 (3) Niemand mag 'n wilde dier aanhou of vervoer in omstandighede –
- (a) wat onhigiënies is; of
- (b) waarin die dier –
- 15 (i) beseer of andersins aangetas kan word; of
- (ii) onnodig ly nie.
- (4) 'n Natuurbewaarder kan –
- 20 (a) aan iemand wat 'n wilde dier strydig met subartikel (2) of (3) vang, aanhou of vervoer of iemand wat fisiese beheer oor die dier het, 'n skriftelike opdrag uitreik om die stappe te volg wat die aangeleentheid binne die aangeduide tyd regstel;
- 25 (b) aan iemand in paragraaf (a) bedoel instruksies uitreik aangaande die wyse waarop die dier gevang, aangehou, vervoer of andersins behandel moet word;
- 30 (c) die dier sonder vergoeding uit die sorg van die persoon in paragraaf (a) bedoel, verwyder as dit nodig geag word om besering, aantasting, lyding of die dood van die dier te voorkom; of
- 35 (d) die dier wat kragtens paragraaf (c) uit die sorg van 'n persoon verwyder is, aanhou, behandel of in 'n geskikte omgewing vrylaat.

### HOOFSTUK 3 NATUURLEWE-OPERATEURS

40

#### Natuurlewe-operateurs en -fasiliteite

27. (1) Niemand mag sonder 'n permit optree as -
- 45 (a) 'n professionele jagter;

- (b) 'n jagkontraakteur;
- (c) 'n direkteur van 'n professionele jagskool;
- 5 (d) 'n taksidermis;
- (e) 'n dompel-en-skeepagent;
- (f) 'n wildvanger of -karweier;
- 10 (g) 'n valkenier;
- (h) 'n ongediertejagter;
- (i) 'n uitdun-operateur;
- 15 (j) 'n verskaffer van opleiding of 'n instrukteur met betrekking tot enige van die bogenoemde beroepe nie.
- (2) Sonder 'n permit skep of bedryf niemand –
- (a) 'n natuurlewefasiliteit, met inbegrip van 'n teelfasiliteit, opvoedkundige fasiliteit, dierkundige fasiliteit, kwekery, handelfasiliteit, rehabilitasiefasiliteit, veilige hawe of soortgelyke instelling of onderneming vir enige wilde plant of dier;
- 25 (b) 'n rariteitewinkel wat produkte verkoop wat gebruik maak van 'n derivaat van 'n spesie in Bylae 1 of 2 gelys;
- (c) 'n besigheid wat handel dryf in tradisionele medisyne wat gebruik maak van 'n derivaat van 'n inheemse spesie in Bylae 1 of 2 gelys; of
- 30 (d) 'n troeteldierwinkel wat enige lewende dier verkoop, behalwe 'n dier wat in Bylae 5 gelys word nie.
- 35 (3) Die vereistes waaraan voldoen moet word in 'n teoretiese of praktiese eksamen wat afgeneem moet word deur iemand in subartikel (1) of (2) bedoel, kan –
- 40 (a) voorgeskryf word; of
- (b) van tyd tot tyd deur die Direkteur bepaal word.
- 45 (4) Die Direkteur kan 'n persoon van enige van die bepalings van subartikel (1) of (2) vrystel.

- (5) Die Direkteur kan iemand as eksaminator, moderator of assessor aanstel in enige teoretiese of praktiese eksamen in subartikel (3) bedoel.

#### HOOFSTUK 4 SKADELIKE DIERE

5

##### Skadelike diere

- 10 **28.** Die verantwoordelike Lid kan Bylae 3 by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* van tyd tot tyd in oorleg met die Direkteur wysig as 'n dier of individu van 'n spesie na sy of haar mening 'n skadelike dier is omdat hy enige ander wildspesie of enige ander dier of enige eiendom vanweë sy voorkoms in 'n gebied, sy lewenswyse of ander eienskap benadeel, of waarskynlik 'n gevaar vir menslike lewe kan inhou of in sodanige getalle voorkom dat landbou-obrengs  
15 wesenlik uitgeput word.

##### Vergiftiging van skadelike diere

- 20 **29.** (1) 'n Skadelike dier kan gejag word deur gebruik te maak van 'n gifhalsband.
- (2) Iemand wat van 'n gifhalsband gebruik maak –
- 25 (a) inspekteer daagliks die plek waar van die gifhalsband gebruik gemaak word; en
- (b) doen redelike stappe om die karkas van 'n vergiftigde dier te herwin en te begraaft of op 'n ander wyse doeltreffend te vernietig.

30

##### Verbode aktiwiteite met betrekking tot skadelike diere

- 35 **30.** (1) Niemand mag sonder 'n permit –
- (a) 'n skadelike dier teel, aanhou of besit;
- (b) 'n lewende skadelike dier invoer, uitvoer of vervoer;
- (c) 'n skadelike dier koop, verkoop of verkry;
- 40 (d) gifskietapparaat of soortgelyke apparaat gebruik om te jag;
- (e) 'n gifskietapparaat of soortgelyke apparaat of enige gedeelte daarvan besit nie.
- 45 (2) Niemand mag sonder 'n permit enige gifskietapparaat of soortgelyke apparaat of enige onderdeel of patroon daarvan vervaardig, verkoop of te koop aanbied nie.

- (3) Iemand wat 'n val of vanghok stel om 'n skadelike dier te vang, moet die plek waar die val of vanghok gestel is elke dag nadat sodanige val of vanghok gestel is, inspekter.
- 5 (4) Niemand mag 'n dooie skadelike dier oor 'n grensdraad hang of laat hang nie en dit daar laat of dit in die openbaar ten toon stel nie.
- 10 (5) Subartikel (1)(a), insoverre dit die teel, aanhou of besit van 'n skadelike dier verbied, is nie van toepassing op 'n grondeienaar as sodanige dier in sy natuurlike habitat sonder menselike inmenging voorkom nie.

### **Uitwissing van rondloperhonde en wilde huiskatte**

- 15 **31.** 'n Natuurbewaarder, grondeienaar of iemand deur die grondeienaar gemagtig, kan 'n rondloperhond (*Canis familiaris*) of wilde huiskat (*Felis domesticus*) wat op die grond voorkom, uitwis as sodanige dier nie onder regstreekse toesig is nie, besig is of vermoedelik besig is om 'n wilde dier te jag, of besig is om skade aan vee aan te rig.

20

## **HOOFSTUK 5 WATERLEWENDE BIOTA**

### **Beperkte aktiwiteite met betrekking tot spesiaal-beskermdde vis**

- 25 **32.** Niemand mag sonder 'n permit 'n eksemplaar van 'n spesiaal-beskermdde vis –
- (a) hengel en nie onmiddellik vrylaat nie;
- (b) vang;
- 30 (c) invoer;
- (d) uitvoer;
- (e) vervoer;
- (f) aanhou;
- (g) besit;
- (h) teel; of
- 35 (i) verhandel nie.

### **Beperkte aktiwiteite met betrekking tot beskermdde vis**

- 40 **33.** Behoudens die bepalings van artikels 34, 35, 36 en 37 mag niemand sonder 'n permit 'n eksemplaar van 'n beskermdde vis –
- (a) hengel en nie onmiddellik vrylaat nie;
- (b) vang;
- 45 (c) invoer;
- (d) uitvoer;
- (e) vervoer;

- (f) aanhou;
- (g) teel; of
- (h) verhandel nie.

5 **Vang van beskermde vis**

34. (1) Niemand mag sonder 'n permit beskermde vis vang nie, maar –
- 10 (a) 'n grondeienaar kan gedurende 'n hengelseisoen 'n beskermde vis sonder 'n lisensie vang in waters op die grond waarvan hy of sy die eienaar is;
- 15 (b) 'n familielid of voltydse werknemer van 'n grondeienaar in paragraaf (a) bedoel, kan –
- (i) met skriftelike toestemming; en
- (ii) gedurende 'n hengelseisoen,
- 20 'n beskermde vis sonder 'n hengellisensie in waters op grond van die grondeienaar vang;
- 25 (c) met skriftelike toestemming kan enigiemand anders wat die houer is van 'n geldige hengellisensie vir die Provinsie 'n beskermde vis gedurende 'n hengelseisoen in waters op die grond van die grondeienaar vang.
- 30 (2) Gedurende 'n hengelseisoen of 'n tydperk buite 'n hengelseisoen en by die skriftelike aansoek van die grondeienaar kan 'n permit –
- (a) aan die grondeienaar;
- (b) aan enigiemand anders wat deur die grondeienaar in die aansoek aangedui word,
- 35 uitgereik word, wat aan die houer van die permit magtiging gee om die aantal en spesies van 'n beskermde vis in die permit genoem in waters op die grond van die grondeienaar te vang.

40 **Hengelseisoene**

35. (1) Niemand mag vir 'n beskermde vis hengel nie, behalwe gedurende 'n hengelseisoen kragtens subartikel (2) afgekondig en behoudens die bepaling van die kennisgewing wat die hengelseisoen afkondig.
- 45 (2) Die verantwoordelike Lid kan by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* hengelseisoene vir die hengel van beskermde vis vir die Provinsie afkondig.

- (3) Die kennisgewing in subartikel (2) bedoel, maak voorsiening vir –
- 5 (a) die tydperk in enige jaar waartydens beskermdde vis gevang kan word;
- (b) die kategorieë van persone wat vir beskermdde vis kan hengel;
- (c) die aantal en spesies van beskermdde vis wat gevang kan word; en
- 10 (d) die gebiede waarin die beskermdde vis gevang kan word.
- (4) Die verbod in subartikel (1) uiteengesit, is nie van toepassing op iemand wat hengel in waters omring deur grond van ‘n enkele grondeienaar nie.

15 **Hengellisensies**

- 36.** (1) Behalwe waar hierdie Wet anders bepaal, mag niemand in ‘n waterstelsel hengel as hy of sy nie ‘n geldige hengellisensie vir die Provinsie het nie.
- 20 (2) Die verbod in subartikel (1) uiteengesit, is nie van toepassing op –
- (a) iemand wat hengel in waters omring deur die grond van ‘n enkele grondeienaar nie;
- 25 (b) die houer van ‘n permit nie.

**Hou van vis bo daaglikse kwotaperk**

- 37.** Niemand mag sonder ‘n permit –
- 30 (a) ‘n groter aantal behou van enige vissoort gevang uit ‘n waterstelsel, as die daaglikse kwotaperk wat ten opsigte van sodanige spesie bepaal word deur die kennisgewing in artikel 35 bedoel nie; of
- 35 (b) enige vis van ‘n lengte korter as die lengte wat daardie kennisgewing ten opsigte van die vissoort bepaal, behou nie.

**Verbode metodes van visvang**

- 40 **38.** Niemand mag sonder ‘n permit ‘n vis in ‘n waterstelsel vang –
- (a) deur dit te haak, te gryp of te deurboor nie;
- (b) deur middel van ‘n werpnet, kreefnet, staaknet, treknet of fuik nie;
- 45 (c) deur middel van enige toestel wat gebruik word om die vis op so ‘n wyse na ‘n opening te lei dat dit vir die vis moeilik is om te ontsnap nie;

- (d) deur te hengel deur middel van –
- (i) meer as twee lyne;
- 5 (ii) meer as twee enkele hoeke aan 'n lyn geheg;
- (iii) 'n gestelde lyn of 'n lang lyn met meer as twee enkele hoeke daaraan geheg;
- 10 (iv) met meer as twee kuns-lokase aan enige lyn geheg nie, in welke geval 'n dubbele of drievoudige hoek as een hoek geld;
- (e) deur middel van 'n skepnet nie, behalwe om 'n vis te skep wat gevang is deur middel van hengel soos in hierdie Wet bepaal;
- 15 (f) deur middel van plofstowwe;
- (g) deur middel van enige toestel wat 'n elektriese skok opwek; of
- 20 (h) deur middel van enige verbode jagmetode ten opsigte van wilde diere soos in artikel 9 bepaal nie.

#### **Toepassing van sekere bepalings**

- 25 **39.** Vir die doel van hierdie Hoofstuk geld die bepalings van artikels 11, 12, 13, 14 en 15, gelees in samehang met die veranderings vereis deur die konteks.

#### **Skriftelike toestemming deur die grondeienaar**

- 30 **40.** (1) Niemand voer enige aktiwiteit soos in artikel 32, 33, 34, 35, 37 of 42 beskryf in 'n waterstelsel op grond in privaat besit uit sonder die skriftelike toestemming van sodanige grondeienaar nie.
- 35 (2) Ten opsigte van enige waters op grond in privaat besit, is die bepalings in subartikel (1) genoem, nie op die eienaar van sodanige grond van toepassing nie.
- 40 (3) Vir die doel van die uitleg van die woorde “**skriftelike toestemming**” in subartikel (1) is die bepalings van artikel 14 van toepassing, gelees in samehang met die veranderings vereis deur die konteks.

#### **Vrylating van vis of ander diere in waterstelsels**

- 45 **41.** Niemand mag sonder 'n permit 'n lewende vis of ander dier plaas of op enige wyse inbring, laat plaas of inbring of toelaat dat dit geplaas of ingebring word in 'n waterstelsel nie, maar die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing op lewende inheemse vis wat in 'n waterstelsel teruggeplaas word onmiddellik nadat dit in sodanige stelsel gevang is nie.

### Betreding van grond met hengeltoerusting

- 5           42.   (1)   Niemand mag grond betree of hom of haar bevind op grond waarop ‘n waterstelsel voorkom, onderwyl in besit van hengelgerei nie, tensy hy of sy –
- (a)    ‘n wettige rede het;
- 10           (b)    vooraf reëlings met die grondeienaar getref het; of
- (c)    skriftelike toestemming verkry het,
- om die grond te betree of daar te wees nie.
- 15           (2)    Vir die doel van subartikel (1) sluit **“grond”** nie ‘n openbare pad in nie.
- (3)    Die verbod in subartikel (1) uiteengesit, is nie van toepassing op grond waartoe die publiek normaalweg toegang het en waar die eienaar van die grond ‘n gebied waar hengel toegelaat word, opsygesit het nie.
- 20

### Verbode aktiwiteite met betrekking tot lewende vis

- 25           43.    (1)    Niemand mag sonder ‘n permit ‘n lewende vis of kuit van sodanige vis invoer na, uitvoer van of vervoer in die Provinsie, of besit nie.
- (2)    Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing op vis in Bylae 6 gelys nie.

### Handel in sekere vissoorte

- 30           44.    Niemand mag sonder ‘n permit –
- (a)    ‘n vis wat ‘n spesiaal-beskernde dier is, of die karkas of kuit van sodanige vis verkoop of koop nie;
- 35           (b)    ‘n lewende karp, blouwang-sonvis, forel, swartbaar, vleikurper of enige ongewerwelde uitheemse varswaterfauna verkoop of koop nie;
- (c)    ‘n vis wat teenstrydig met hierdie Wet of enige ander wet gevang is, verkoop of koop nie.
- 40

### Verwydering van aas wat in binnelandse waters gevang is

- 45           45.    Geen waterlewende ongewerwelde dier, hetsy lewend al dan nie, wat in ‘n waterstelsel gevang is en bedoel is om as visaas gebruik te word, word, behalwe onder magtiging van ‘n permit –
- (a)    aan enige ander persoon verkoop nie; of
- 50           (b)    deur enige ander persoon gekoop nie, tensy van iemand deur ‘n bepaling van hierdie Wet gemagtig om dit te verkoop.

### **Verhindering van vrye beweging van vis in waterstelsels**

- 5            **46.**    Niemand plaas of laat plaas 'n voorwerp of ding wat die vrye deurgang van vis in enige waterstelsel sal verhinder of waarskynlik sal verhinder, in sodanige waterstelsel of laat toe dat dit daarin geplaas word, behalwe 'n net waarvan die gebruik in 'n waterstelsel deur 'n bepaling van hierdie Wet gemagtig word.

### **Besoedeling van waterstelsels**

- 10           **47.**    (1)    Niemand stort of laat stort of laat toe dat gestort word –
- (a)    in enige waterstelsel; of
- 15                   (b)    in enige plek waarvandaan dit waarskynlik sal deursyfer na of op enige wyse enige waterstelsel sal binnegaan,
- enigiets, hetsy vaste stof, vloeistof of gas, wat skadelik of waarskynlik skadelik vir vis of viskos is of skadelik vir vis sal wees as dit in groot hoeveelhede of getalle sodanig gestort word.
- 20                   (2)    Niemand vernietig of laat vernietig waterhabitat in 'n waterstelsel, enige oewerplantegroei of stroom-broei habitat of laat toe dat dit vernietig word nie.

### **Skadelike watergewasse**

- 25           **48.**    Niemand mag 'n skadelike watergewas invoer na, uitvoer van of vervoer in die Provinsie, dit besit, in 'n waterstelsel plaas, kweek, voortplant, handel dryf daarin of dit verkry nie.

30

## **HOOFSUK 6 VOLHOUBARE BENUTTING VAN PLANTE**

### **Beperkte aktiwiteite met betrekking tot spesiaal-beskermdede plante**

35

- 40           **49.**    (1)    Niemand mag sonder 'n permit 'n eksemplaar van 'n spesiaal-beskermdede plant –
- (a)    pluk;
- (b)    invoer;
- (c)    uitvoer;
- (d)    vervoer;
- (e)    besit;
- (f)    kweek; of
- 45                   (g)    verhandel nie.

- (2) Die bepalings van subartikel (1)(e), insoverre hulle die besit van 'n spesiaal-beskernde plant verbied, is nie van toepassing op 'n grondeienaar in besit van 'n spesiaal-beskernde plant wat in sy natuurlike habitat groei en nie deur menslike inmenging geplant is nie.

5

### **Beperkte aktiwiteite met betrekking tot beskernde plante**

- 50.** (1) Behoudens die bepalings van artikel 52, mag niemand sonder 'n permit 'n eksemplaar van 'n beskernde plant -

10

- (a) pluk;
- (b) invoer;
- (c) uitvoer;
- (d) vervoer;
- (e) kweek; of
- (f) verhandel nie.

15

- (2) Die bepalings van –

20

- (a) subartikel (1), insoverre hulle die pluk, skenking, ontvangs as geskenk of vervoer van 'n beskernde plant verbied, is nie van toepassing op die blom van 'n beskernde plant wat vir die privaat gebruik van die grondeienaar –

25

- (i) gepluk word op die grond waar die plant groei;
- (ii) op daardie grond deur 'n familielid van die eienaar gepluk word; of
- (iii) op daardie grond gepluk word deur iemand wat met die skriftelike toestemming van die eienaar optree nie;

30

- (b) subartikel (1), insoverre hulle die invoer na of uitvoer van die Provinsie, aankoop of vervoer van 'n beskernde plant deur enigiemand verbied, is nie van toepassing op 'n beskernde plant as daardie persoon skriftelike toestemming of ander dokumentêre bewys kan toon wat aandui dat sodanige plant wettig –

35

- (i) gekoop is by of as 'n geskenk ontvang is van iemand in 'n ander provinsie;
- (ii) gekoop is by of as 'n geskenk ontvang is van iemand binne die Provinsie; of
- (iii) van 'n geregistreerde kwekery verkry is nie.

40

45

**Pluk, ontvangs, besit, verkryging of hantering van inheemse plante**

51. (1) Niemand mag sonder 'n permit 'n inheemse plant –
- 5 (a) op 'n openbare pad;
- (b) op grond langs 'n openbare pad binne 'n afstand van 100 meter gemeet vanaf die middel van die pad; of
- 10 (c) binne 'n gebied wat grens aan 'n natuurlike waterloop, hetsy waterhoudend of droog, tot en met 'n afstand van 100 meter vanaf die middel van die rivier aan beide kante van die natuurlike waterloop,
- 15 pluk nie.
- (2) Niemand mag sonder 'n permit 'n inheemse plant pluk op 'n wyse wat neerkom op grootskaalse insameling of vir kommersiële doeleindes nie.
- 20 (3) Niemand versamel vuurmaakhout of pluk, vervoer of verwyder 'n inheemse plant op grond waarvan sodanige persoon nie die eienaar is nie, sonder die skriftelike toestemming van die eienaar nie.
- 25 (4) Subartikel (1)(a) en (b) is nie van toepassing op die grondeienaar en sy of haar familielid wat 'n inheemse plant pluk wat nie 'n spesiaal-beskermd of beskermd plant is nie.
- (5) Niemand –
- 30 (a) mag 'n inheemse plant ontvang, wetende dat dit nie wettig gepluk is nie;
- (b) mag 'n inheemse plant besit ten opsigte waarvan 'n redelike vermoede bestaan dat dit nie wettig gepluk is nie, sonder om by
- 35 magte te wees om bevredigend van sodanige besit rekenskap te gee;
- (c) verkry of neem besit van of hanteer 'n inheemse plant sonder om
- 40 ten tyde van sodanige verkryging, besitname of hantering redelike gronde te hê om te glo dat dit wettig gepluk is nie.

**Kwekerypermit**

52. (1) 'n Grondeienaar kan skriftelik by die Direkteur om 'n kwekerypermit ten
- 45 opsigte van al sy of haar grond of enige gedeelte daarvan aansoek doen.

(2) 'n Aansoek gedoen kragtens subartikel (1) –

5 (a) sluit, in die geval van landbougrond, 'n volledige beskrywing van die grond ten opsigte waarvan aansoek gedoen word in en ook, maar nie uitsluitlik nie, bewys van eienaarskap, die plaasnaam, plaasnommer, landdrosdistrik, die plaas se grense en grootte, en habitatsertifisering wat die huidige toestand van die plantegroei daarop weergee;

10 (b) sluit, in die geval van grond wat in 'n dorp geleë is, 'n volledige beskrywing van die eiendom ten opsigte waarvan die aansoek gedoen word in en ook, maar nie uitsluitlik nie, bewys van eienaarskap, die erfnummer, die grootte van die erf, die straatnaam en -nummer, die dorp of stad, die voorstad en landdrosdistrik waar die erf geleë is;

15

(c) vermeld die plantspesie waarop die aansoek betrekking het, die beraamde aantal van sodanige spesie wat in sy natuurlike staat op die grond voorkom en die aantal ander plantspesies wat ook voorkom op die grond in paragraaf (a) of (b) genoem;

20

(d) vermeld die beweegredes vir die aansoek; en

(e) vermeld die aktiwiteite waarvoor aansoek gedoen word.

25

(3) Ten einde oor die aansoek te besluit, kan die Direkteur vereis dat die aansoeker hom of haar voorsien van enige bykomende inligting wat hy of sy nodig of toepaslik mag ag.

30

(4) As die Direkteur oortuig is dat die aansoek aan die vereiste standarde voldoen, staan hy of sy die aansoek toe en reik die permit uit, behoudens die voorwaardes wat hy of sy nodig of wenslik mag ag.

(5) 'n Kwekerypermit –

35

(a) is geldig vir die tydperk wat daarin bepaal word; en

(b) kan deur die Direkteur teruggetrek word as die grondeienaar nie die voorwaardes waarop die permit uitgereik is, nakom nie of daarvan afwyk.

40

(6) Behoudens subartikel (7), verval 'n kwekerypermit wat kragtens hierdie artikel uitgereik is by die oordrag of verhuring van die grond of enige gedeelte van sodanige grond ten opsigte waarvan dit uitgereik is.

45

(7) Die bepalings van artikel 16, gelees in samehang met die veranderings vereis deur die konteks, is van toepassing ten opsigte van 'n kwekerypermit.

### **Toepassing van sekere bepalings**

- 5 **53.** Vir die doeleindes van hierdie Hoofstuk is die bepalings van artikels 11, 12, 13, 14, 15 en 25(2) van toepassing, gelees in samehang met die veranderings vereis deur die konteks.

### **Skriftelike toestemming deur die grondeienaar**

- 10 **54.** (1) Niemand mag enige aktiwiteit in artikel 49 of 50 beskryf, op grond uitvoer sonder die skriftelike toestemming van die betrokke grondeienaar nie.
- (2) Die bepalings ten opsigte van grond in subartikel (1) vermeld, is nie op die eienaar van sodanige grond van toepassing nie.
- 15 (3) By die uitleg van die woorde “**skriftelike toestemming**” in subartikel (1) is die bepalings van artikel 14 van toepassing, gelees in samehang met die veranderings vereis deur die konteks.

20

## **HOOFSTUK 7 INDRINGERSPESIES**

### **Indringerspesies**

- 25 **55.** (1) Niemand –
- (a) voer ‘n indringerspesie of enige eksemplaar, karkas of derivaat van sodanige spesie in of uit, vervoer of besit dit, of dryf daarin handel nie;
- 30 (b) kweek ‘n eksemplaar van ‘n indringerplantspesie nie; of
- (c) teel met of hou ‘n eksemplaar van ‘n indringerwildspesie aan nie.
- 35 (2) Die eienaar van die grond waarop ‘n indringerspesie voorkom, doen die nodige stappe om sodanige spesie uit te roei.

40

## **HOOFSTUK 8 “CONVENTION ON INTERNATIONAL TRADE IN ENDANGERED SPECIES OF WILD FAUNA AND FLORA (CITES)”**

### **Verbode aktiwiteite ten opsigte van CITES-spesies**

- 45 **56.** Niemand mag sonder ‘n permit enige spesie fauna of flora gelys in Aanhangsel I, II of III van CITES, met inbegrip van enige eksemplaar, karkas of derivaat van sodanige spesie –
- (a) uit ‘n ander land na die Provinsie invoer nie; of
- 50 (b) van die Provinsie na ‘n ander land uitvoer nie.

## HOOFSTUK 9 NATUURBEWAARDERS

### Aanstelling van natuurbewaarders

- 5
57. (1) Die verantwoordelike Lid kan, behoudens subartikel (3), enige persoon op die diensstaat van die Departement as ‘n natuurbewaarder aanstel.
- 10 (2) ‘n Natuurbewaarder kan die bevoegdhede uitoefen en die werksaamhede verrig wat ingevolge hierdie Wet aan sy of haar amp toegeken is.
- (3) Die Direkteur kan die kwalifikasies en opleidingsprogramme op grond waarvan ‘n natuurbewaarder aangestel word, bepaal.
- 15 (4) Elke natuurbewaarder ingevolge subartikel (1) aangestel, word voorsien van ‘n sertifikaat wat namens die Departement geteken is en meld dat hy of sy as ‘n natuurbewaarder aangestel is.
- 20 (5) Wanneer ‘n natuurbewaarder aangestel kragtens subartikel (1) ‘n werksaamheid ingevolge hierdie Wet verrig in die teenwoordigheid van enigiemand wat daardeur geraak word, toon hy of sy op versoek van sodanige persoon aan hom of haar die sertifikaat in subartikel (4) genoem.

### 25 Algemene bevoegdhede en werksaamhede van natuurbewaarders

58. (1) Ten einde sy of haar mandaat kragtens hierdie Wet uit te oefen en bykomend tot die bevoegdhede wat elders in hierdie Wet uitgeengesit word, kan ‘n natuurbewaarder al die bevoegdhede uitoefen wat opgedra is aan ‘n polisiebeampte wat nie ‘n offisier is nie, kragtens Hoofstukke 2, 5, 7 en 8 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977).
- 30 (2) Die Direkteur doen so gou as moontlik nadat hierdie Wet in werking getree het, aansoek by die Minister van Justisie dat alle natuurbewaarders of enige ander kategorie van persone op die diensstaat van die Departement as vredesbeamptes verklaar word kragtens artikel 334(1) van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), ten einde hul bevoegdhede kragtens subartikel (1) of enige ander bepaling van hierdie Wet uit te oefen.
- 35 (3) ‘n Natuurbewaarder –
- 40 (a) kan die volle naam, identiteitsnommer en adres vra van enigiemand wat –
- 45 (i) ‘n misdryf kragtens hierdie Wet gepleeg het of wie hy of sy redelikerwys verdink van die pleging van sodanige misdryf;

(ii) redelikerwys vermoed word bevoeg te wees om getuienis te lewer ten opsigte van 'n misdryf wat gepleeg is of redelikerwys vermoed word kragtens hierdie Wet gepleeg te wees,

5

en as sodanige persoon aan die natuurbewaarder 'n naam en adres gee wat sodanige beampte redelikerwys vermoed vals is, kan hy of sy sodanige persoon sonder 'n lasbrief arresteer en sodanige persoon aanhou vir 'n tydperk van hoogstens twaalf uur of totdat sodanige naam en adres bevestig is;

10

(b) kan aan enigiemand wat op grond wat vir die doeleindes van hierdie Wet gebruik word –

15

(i) 'n bepaling van hierdie Wet; of

(ii) 'n voorskrif of bepaling wat kragtens hierdie Wet voorgeskryf of bepaal word,

20

oortree of nie nakom nie, opdrag gee om sodanige grond te verlaat;

(c) kan 'n hond uitwis wat nie vir wettige jag gebruik word nie en wat 'n wilde dier agtervolg of soek;

25

(d) kan'n tolk gebruik in die uitoefening van 'n bevoegdheid of verrigting van 'n werksaamheid kragtens hierdie Wet en, indien nodig, 'n ander persoon of ander persone, en sodanige tolk of ander persoon word geag 'n natuurbewaarder te wees onderwyl hy of sy onder beheer van die natuurbewaarder optree;

30

(e) kan enige dokument, boek of rekord, of enige geskrewe of elektroniese inligting of ander ding wat vir die doeleindes van 'n ondersoek van belang is, kopiëer of uittreksels daaruit maak of enige sodanige dokument, boek, rekord, of geskrewe of elektroniese inligting of ander ding verwyder om kopiëe of uittreksels te maak;

35

(f) kan foto's neem of oudio-visuale opnames maak van enigiets of enigiemand wat vir die doeleindes van 'n ondersoek van belang is; en

40

(g) kan 'n monster van enige dier of plant neem wat vir die doeleindes van 'n ondersoek van belang is.

45

(4) 'n Natuurbewaarder –

(a) gee 'n kwitansie vir enige dokument, boek, rekord of skriftelike of elektroniese inligting, of enige eksemplaar, artikel, middel of ander ding wat kragtens hierdie wet op beslag gelê of verwyder word; en

50

- (b) oefen sy of haar bevoegdheide uit op 'n wyse wat skade aan, verlies van, of agteruitgang van enige perseel of ding tot 'n minimum beperk.

5 **Bevoegdheide van natuurbewaarders met betrekking tot inspeksies en nakoming van hierdie Wet**

59. (1) 'n Natuurbewaarder kan –

- 10 (a) inspeksies uitvoer en nakoming van hierdie Wet kontroleer;
- (b) 'n beweerde oortreding van hierdie Wet ondersoek;
- 15 (c) enigiemand ondervra aangaande enige aangeleentheid rakende hierdie Wet wat vir 'n ondersoek van belang kan wees;
- (d) enigiemand wat hy of sy redelikerwyes glo oor inligting beskik wat vir 'n ondersoek van belang is, ondervra.
- 20 (2) 'n Natuurbewaarder kan gedurende 'n inspeksie vergesel word van 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie of enigiemand anders wat redelikerwyse nodig is om te help met die ondersoek.
- 25 (3) As 'n natuurbewaarder rede het om te glo dat enige bepaling van hierdie wet of 'n voorwaarde waarop 'n permit, lisensie of enige ander dokument kragtens hierdie Wet uitgereik is, nie nagekom is nie, kan hy of sy 'n kennisgewing van nie-nakoming, in die vorm bepaal deur die Direkteur, uitreik aan die houer van 'n permit, lisensie of enige ander dokument wat kragtens hierdie Wet uitgereik is, en stuur 'n afskrif van die
- 30 kennisgewing aan die Direkteur.
- (4) 'n Kennisgewing van nie-nakoming sit die beweerde nie-nakoming in subartikel (3) bedoel en die stappe wat gedoen moet word, uiteen en maak voorsiening vir 'n redelike tydperk waarin sodanige stappe gedoen moet word om sodanige bepalings na te kom.
- 35 (5) 'n Sertifikaat van nakoming kan uitgereik word as die Direkteur of natuurbewaarder wat namens die Direkteur optree, tevrede is dat die stappe gedoen is om die nie-nakoming in subartikel (3) bedoel en in die kennisgewing van nie-nakoming uiteengesit, reg te stel.
- 40 (6) Indien iemand aan wie 'n kennisgewing van nie-nakoming ooreenkomstig subartikel (3) uitgereik is, versuim om die kennisgewing na te kom, mag 'n natuurbewaarder, met instemming van die Direkteur, op die koste van sodanige persoon enige redelike stap doen om die nie-nakoming reg te stel en 'n eksemplaar van 'n spesie, as die beweerde nie-nakoming oor die eksemplaar handel –
- 45 (a) pluk, vang, gevange neem of vervoer; of

(b) uitroei, vernietig of jag.

(7) Die bepalings van subartikels (3), (4) en (5) word nie só uitgelê dat dit 'n natuurbewaarder sou verhoed om 'n strafregtelike klag te lê nie.

5

## **HOOFTUK 10 PERMITTE EN ANDER MAGTIGINGS**

10

### **Uitreiking van permitte, lisensies, sertifikate en skriftelike magtigings of vrystellings**

**60.** Die Direkteur kan –

15

(a) enige permit, lisensie, sertifikaat of enige ander skriftelike magtiging of vrystelling wat deur 'n bepaling van hierdie Wet vereis word, uitreik en bepaal die vorm en inhoud daarvan; en

(b) nadat behoorlike prosedure gevolg is -

20

(i) sodanige permit, lisensie, sertifikaat of ander skriftelike magtiging of vrystelling terugtrek as die houer van die permit, lisensie, sertifikaat of ander skriftelike magtiging of vrystelling afwyk van 'n voorwaarde van uitreiking van sodanige dokument of dit nie nakom nie;

25

(ii) die permit, lisensie, sertifikaat of ander skriftelike magtiging of vrystelling wysig indien veranderde omstandighede dit noodsaak.

### **Aansoek vir permitte en ander dokumente**

30

**61.** (1) Enigiemand kan skriftelik by die Direkteur aansoek doen vir 'n permit, lisensie, sertifikaat of enige ander skriftelike magtiging of vrystelling in hierdie Wet vereis deur, ná betaling van die voorgeskrewe gelde, aansoek te doen op die vorm wat die Direkteur bepaal.

35

(2) Ná ontvangs van 'n aansoek kragtens subartikel (1), kan die Direkteur verdere inligting by die aansoeker aanvra voordat die aansoek oorweeg word.

40

(3) Die Direkteur kan, ná oorweging van 'n aansoek -

(a) die aansoek skriftelik weier, met vermelding van die redes vir die weiering;

45

(b) die permit, lisensie, sertifikaat of ander skriftelike magtiging of vrystelling onvoorwaardelik uitreik; of

- (c) die permit, lisensie, sertifikaat of ander skriftelike magtiging uitreik, op voorwaardes wat die Direkteur nodig of toepaslik mag ag.
- 5 (4) 'n Dokument kragtens subartikel (3)(c) uitgereik, geld slegs insoverre enige voorwaarde waaronder dit uitgereik is, nagekom word.
- (5) Iemand aan wie 'n permit, lisensie, sertifikaat, skriftelike magtiging, vrystelling of ander dokument kragtens hierdie Wet uitgereik is -
- 10 (a) moet die toestemming van die grondeienaar verkry (indien hierdie Wet dit vereis); en
- (b) hou die oorspronklike dokument of 'n gesertifiseerde afskrif daarvan op sy of haar persoon ten tyde van die uitvoering van die handeling waarvoor die dokument uitgereik is.
- 15

#### **Kansellasië van permitte, sertifikate en verbeuring van sekere artikels**

- 20 **62.** (1) Die hof wat iemand ingevolge hierdie Wet aan 'n misdryf skuldig bevind –
- (a) kan 'n bevel uitreik dat 'n sertifikaat, lisensie, permit, skriftelike magtiging of vrystelling wat ingevolge hierdie Wet aan sodanige persoon uitgereik is, gekanselleer word as die regte wat sodanige sertifikaat, lisensie, permit, skriftelike toestemming of vrystelling verleen na sy mening in die pleging van die misdryf deur sodanige persoon misbruik is.
- 25
- (b) kan 'n bevel uitreik wat sodanige persoon diskwalifiseer om enige gespesifiseerde sertifikaat, lisensie, permit, skriftelike magtiging of vrystelling ingevolge hierdie Wet te verkry vir 'n bepaalde tydperk van hoogstens vyf jaar; en
- 30
- (c) (i) kan enige dier, voertuig, vaartuig, boot, tuig, vlot, vliegtuig of enige ander wyse van vervoer (hierna “vervoermiddel” genoem) en enige wapen, instrument, houër of ander ding (hierna “artikel” genoem) wat vir die doel van of in verband met die pleging van die misdryf gebruik is en in die hof voorgelê is, verbeurd verklaar aan die Provinsie, maar as die hof tevrede is dat die veroordeelde ten tyde van die pleging van die misdryf nie die eienaar daarvan was nie en dat die eienaar daarvan nie in staat was om die gebruik daarvan deur die veroordeelde te verhoed nie, word geen verklarende bevel kragtens hierdie subparagraaf ten opsigte van enige vervoermiddel of artikel waarna in hierdie subparagraaf verwys word, uitgereik nie;
- 35
- 40
- 45

- (ii) moet aan die Provinsie enige wilde dier of die karkas daarvan of enige plant ten opsigte waarvan die misdryf begaan is, verbeurd verklaar.

- 5 (2) Die registrateur of klerk van die hof wat –
- (a) ‘n bevel ingevolge subartikel (1)(a) of (b) uitgereik het, stel die Direkteur van sodanige bevel en van die straf wat die veroordeelde opgelê is, in kennis; of
- 10 (b) ingevolge subartikel (1)(c) ‘n verklaring uitgereik het, stel die Direkteur van sodanige bevel en van die straf wat die veroordeelde opgelê is, in kennis en stuur ook die artikel of ding waarop die verklaring betrekking het aan die Direkteur om oor te beskik kragtens artikel 68.
- 15 (3) Die bepaling van artikel 35 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), gelees in samehang met die veranderings vereis deur die konteks, is van toepassing ten opsigte van enige verbeuring kragtens hierdie artikel.
- 20

## HOOFSTUK 11 IMPLEMENTERING VAN DIE WET

### 25 **Regulasies en Bylaes**

63. (1) Die verantwoordelike Lid kan regulasies maak ten opsigte van –
- (a) enige aangeleentheid wat kragtens hierdie Wet voorgeskryf kan of moet word;
- 30 (b) natuurlewe-operateurs, wildplase en kwekerye;
- (c) enige gelde kragtens hierdie Wet betaalbaar;
- 35 (d) skadelike diere, indringerspesies of troeteldierspesies;
- (e) in die algemeen, enige aangeleentheid ten opsigte waarvan dit nodig of wenslik is om regulasies te maak ten einde die doelwitte van hierdie Wet te bereik.
- 40 (2) Voordat hy of sy regulasies kragtens subartikel (1) maak, publiseer die verantwoordelike Lid die ontwerpregulasies in die *Provinsiale Koerant* vir openbare kommentaar.
- 45 (3) ‘n Regulasie kragtens subartikel (1)(c) gemaak, word slegs met instemming van die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansiële aangeleenthede in die Provinsie gemaak.

(4) Regulasies kragtens subartikel (1) gemaak –

(a) kan enige handeling òf onvoorwaardelik òf voorwaardelik beperk of verbied;

(b) is van toepassing –

(i) algemeen in die hele Provinsie of slegs in ‘n bepaalde gebied of kategorie van gebiede;

(ii) op almal of slegs ‘n bepaalde kategorie van mense; of

(iii) ten opsigte van alle wilde diere of plante of slegs ‘n bepaalde wilde dier- of plantsoort of kategorie van wilde dier of plant;

(c) kan onderskei tussen –

(i) verskillende gebiede of kategorieë van gebiede;

(ii) kategorieë van mense; of

(iii) wilde dier- of plantsoorte of kategorieë van wilde dier- of plantsoorte.

(5) Die verantwoordelike Lid kan, na oorleg met die Direkteur, enige van die Bylaes by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* wysig.

### Delegasie

64. (1) Behoudens subartikel (3), kan die verantwoordelike Lid enige van sy of haar bevoegdhede, werksaamhede of pligte kragtens hierdie Wet skriftelik deleger aan ‘n beampte op die diensstaat van die Departement.

(2) Die Direkteur kan enige van sy of haar bevoegdhede, werksaamhede of pligte kragtens hierdie Wet skriftelik deleger aan enige beampte op die diensstaat van die Departement.

(3) Die verantwoordelike Lid deleger nie die bevoegdheid om regulasies te maak of jag- of hengelseisoene af te kondig nie.

### Vernietiging van getuienis

65. Niemand verwyder van ‘n perseel of vernietig of raak ontslae van ‘n wilde dier of plant of derivaat daarvan, of enige boek, register, dokument, voertuig, houer, vuurwapen, wapen, wip, val, plofstof, gif, giftige middel of ander ding om die inbeslagneming daarvan of vasstelling van enige misdryf ingevolge hierdie Wet te verhoed nie.

**Misdrywe****66.** (1) Enigiemand wat –

- 5 (a) 'n bepaling van hierdie Wet of 'n regulasie gemaak of instruksie gegee of vereiste gestel ingevolge daarvan, oortree of nie nakom nie;
- 10 (b) enige dokument wat uitgereik of vereis word vir die wettige uitvoering van enige handeling kragtens hierdie Wet verander, fabriseer of vervals;
- 15 (c) enige veranderde, gefabriseerde of vervalste dokument in paragraaf (b) bedoel, toon, gebruik, uitgee of in sy of haar besit het;
- 20 (d) enige dokument in paragraaf (b) bedoel onder 'n vals naam verkry;
- 25 (e) onderwyl onder verbod van 'n bevel van 'n hof om 'n dokument kragtens hierdie Wet te verkry, sodanige dokument verkry of daarvoor aansoek doen;
- 30 (f) as die houer van enige dokument uitgereik ingevolge hierdie Wet, wat hom of haar magtig of gelas om enige handeling uit te voer of enige handeling op 'n bepaalde wyse uit te voer, sodanige handeling uitvoer sonder dat hy of sy sodanige dokument by hom of haar het, of nie op die bepaalde wyse uitvoer nie;
- 35 (g) nie 'n bepaling of voorwaarde van uitreiking van 'n dokument kragtens hierdie Wet aan hom of haar uitgereik, nakom nie;
- 40 (h) homself of haarself valslik as 'n natuurbewaarder of grondeienaar voordoen;
- 45 (i) 'n natuurbewaarder hinder of dwarsboom in, of inmeng met die uitoefening van sy of haar bevoegdhede of verrigting van sy of haar werksaamhede kragtens hierdie Wet of sonder goeie rede weier of nalaat om op versoek sy of haar naam en adres of enige ander inligting of dokument wat deur sodanige beampte vir die doeleindes van hierdie Wet vereis word, te verskaf, of 'n vals naam en adres aan sodanige beampte gee;
- (j) onderwyl in besit van 'n vuurwapen met 'n looplengte van meer as 100 mm of enige ander toestel in artikel 9 bedoel, wat bedoel is om gebruik te word of gebruik kan word om wilde diere te jag, op grond oortree of teenwoordig is waar enige wilde dier voorkom of waarskynlik voorkom;

- 5
- (k) deur 'n natuurbewarder of polisiebeampte in besit gevind word van 'n spesiaal-beskernde spesie of die karkas of derivaat daarvan en nie bevredigend rekenskap van sodanige besit kan gee nie;
- (l) willens en wetens 'n vals verklaring maak in enige aansoek gedoen of enige ander dokument wat hy of sy kragtens enige bepaling van hierdie Wet aanbied; of
- 10 (m) duld of toelaat dat enigiemand anders enigiets doen wat kragtens hierdie Wet 'n misdryf is,
- is aan 'n misdryf skuldig.
- 15 (2) Dit is 'n misdryf om inligting oor enigiemand anders te onthul as die inligting in die uitoefening of uitvoering van enige bevoegdheid of plig kragtens hierdie Wet bekom is, behalwe –
- 20 (a) as die inligting ooreenkomstig die bepalings van enige wet onthul word;
- (b) as die persoon deur 'n hof beveel word om die inligting te onthul;
- 25 (c) as die inligting onthul word om iemand in staat te stel om 'n werksaamheid kragtens hierdie Wet of 'n soortgelyke wet te verrig of vir die doeleindes van regspleging; of
- (d) as die toestemming van die betrokke persoon verkry is.
- 30 **Strawwe**
- 67.** (1) Iemand wat kragtens hierdie Wet aan 'n misdryf skuldig bevind word, is strafbaar met 'n boete, of met tronkstraf vir 'n tydperk van hoogstens 10 jaar, of met 'n boete sowel as sodanige tronkstraf.
- 35 (2) 'n Boete kragtens subartikel (1) oorskryf nie –
- 40 (a) 'n bedrag kragtens die Wet op die Aanpassing van Boetes, 1991 (Wet No.101 van 1991) voorgeskryf nie;
- (b) as 'n persoon aan 'n misdryf met betrekking tot 'n eksemplaar van 'n spesiaal-beskernde spesie of beskernde spesie of CITES-spesie skuldig bevind word, 'n bedrag kragtens paragraaf (a) bepaal, of wat gelyk is aan drie keer die kommersiële waarde van die eksemplaar ten opsigte waarvan die misdryf begaan is, na gelang van watter die hoogste is.
- 45

- (3) Waar subartikel (2) na die kommersiële waarde van 'n spesie verwys ten einde 'n geskikte straf vir 'n misdryf kragtens hierdie Wet te bepaal en daar op daardie spesifieke tydstip verskillende kommersiële waardes vir die bepaalde item in die mark bestaan, hetsy nasionaal of internasionaal, word die kommersiële waarde van sodanige spesie bepaal deur die gemiddeld van die onderskeie kommersiële waardes in die mark op daardie spesifieke tydstip te bereken.

### **Beskikking oor lisensiegelde, boetes en opbrengste uit die verkoop van artikels wat verbeurd verklaar is**

- 68.** Alle gelde wat ingevolge hierdie Wet betaal is ten opsigte van permitte, lisensies, sertifikate en skriftelike toestemmings of vrystellings wat uitgereik is, alle boetes wat ten opsigte van misdrywe opgelê is, en die opbrengste uit die verkope van enigiets wat aan die Provinsie verbeurd verklaar is, word in die Provinsiale Inkomstefonds inbetaal.

### **Aanspreeklikheid vir verlies, skade of bederwing van artikels in bewaring**

- 69.** (1) Behoudens subartikel (2), word enigiets wat kragtens hierdie Wet op beslag gelê of verwyder is deur 'n natuurbewaarder, op so 'n wyse bewaar dat dit beveilig is teen wegraak, beskadiging of bederwing en, indien geen vervolging vir 'n misdryf ingevolge hierdie Wet in verband daarmee ingestel word nie, word dit terugbesorg aan die persoon uit wie se besit dit geneem is, indien sodanige persoon so 'n ding wettig mag besit.
- (2) Hangende die instelling van 'n strafsak kragtens hierdie Wet of die afhandeling van sodanige saak, word enige lewende eksemplaar waarop kragtens hierdie Wet op beslag gelê is, geplaas by 'n geskikte instelling, reddingsentrum of inrigting wat in staat is en gewillig is om dit te huisves en behoorlik daarvoor te sorg, maar ingeval 'n geskikte inrigting nie gevind kan word nie, voorsien die Direkteur, soos die omstandighede mag vereis.
- (3) Nòg die Departement nòg enigiemand anders is aanspreeklik vir skade of verlies vanweë -
- (a) die uitoefening van 'n bevoegdheid of die verrigting van 'n werksaamheid of uitvoering van 'n plig ingevolge hierdie Wet; of
- (b) die versuim om kragtens hierdie Wet 'n bevoegdheid uit te oefen of 'n werksaamheid te verrig of plig uit te voer,
- tensy die uitoefening van of versuim om die bevoegdheid uit te oefen, die verrigting van of versuim om die werksaamheid te verrig, of die uitvoering van of versuim om die pligte uit te voer, onregmatig, nalatig of kwaadwillig was.

## HOOFSTUK 12 ALGEMENE BEPALINGS

### Hou van dokumente

5

- 70.** Die dokument of 'n gesertifiseerde afskrif van elke dokument wat deur hierdie Wet vereis word, word gehou deur die persoon aan wie dit uitgereik is vir 'n tydperk van minstens twee jaar vanaf die datum waarop dit uitgereik is of terwyl hy of sy in besit is van die spesie of eksemplaar waarop dit betrekking het, watter ook al die langste tydperk is.

10

### Tyd van invoer van diere en plante

- 71.** Elke keer as 'n wilde dier of plant versend word na of in die Provinsie ingebring word, word sodanige wilde dier of plant beskou as ingevoer na die Provinsie –

15

(a) in die geval van 'n wilde dier of plant versend na 'n plek in die Provinsie en per vliegtuig daarheen gebring, op die tydstip wat sodanige vliegtuig op die betrokke vlug vir die eerste keer binne die beheergebied van die lughawe-owerheid in die Provinsie gekom het of op die tydstip wat sodanige vliegtuig land by die plek waar die wilde dier of plant werklik afgelaai word;

20

(b) in die geval van 'n wilde dier of plant wat nie na 'n plek in die Provinsie versend is nie, maar per vliegtuig daarheen gebring is, op die tydstip wat sodanige wilde dier of plant aangeland het;

25

(c) in die geval van 'n wilde dier of plant wat oor land of oor binnelandse waters of oor seewaters in die Provinsie ingebring word, op die tydstip wat sodanige wilde dier of plant die Provinsie binnekom;

30

(d) in die geval van 'n wilde dier of plant wat per pos of op enige ander wyse in die Provinsie ingebring is, met inbegrip van binnekoms vanaf die see, op die tydstip van invoere kragtens paragraaf (a), (b) of (c), na gelang van die wyse van vervoer van sodanige dier of plant.

35

### Algemene bevoegdhede van die Direkteur

- 72.** (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet mag die Direkteur, indien omstandighede dit vereis, enige stap doen of die aktiwiteit van enigiemand met betrekking tot 'n eksemplaar van enige spesie verbied, beheer of beperk.

40

(2) Die Direkteur kan na sy of haar goeddunke en op die voorwaardes wat hy of sy nodig of van toepassing mag ag, skriftelike vrystelling van enige bepaling van hierdie Wet gee aan –

45

(a) enigiemand wat navorsing doen op enige dier, plant, vis of ander aangeleentheid wat met hierdie Wet verband hou; of

- (b) 'n natuurberwaarder vir die doeleindes van die verrigting van sy of haar werksaamhede kragtens hierdie Wet.

### **Herroeping van wette en voorbehoude**

5

**73.** (1) Behoudens subartikel (2) word –

10

- (a) die Ordonnansie op Probleemdierbeheer, 1957 (Ordonnansie No. 26 van 1957); en

- (b) die Ordonnansie op Natuur- en Omgewingsbewaring, 1974 (Ordonnansie No. 19 van 1974),

15

hierby herroep.

- (2) Enigiets wat gedoen of uitgereik is kragtens 'n wet wat deur subartikel (1) herroep is en wat kragtens 'n bepaling van hierdie Wet gedoen of uitgereik kan word, word beskou as uitgevoer of uitgereik kragtens die laasgenoemde bepaling.

20

### **Kort titel en inwerkingtreding**

**74.** Hierdie Wet heet die Noord-Kaap Natuurbewaringswet, 2009, en tree in werking op 'n datum wat die Premier by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* bepaal.